



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL I. No. 6.]

AUGUS, 1896

[4s. PER JAAR.

INHOUD.

- | | |
|---|--|
| ONS KLYNTJ SING.—(Gedig). | PRAATJUS O'ER DI NATUUR.—Di Form fan di Aarde. |
| GROETE AN ONS KLYNTJ.—(Gedig). | 'N PREDIKANTS OPINI O'ER ONS KLYNTJ. |
| KONINGIN VAN SKERDA.—VIII. Na di Berg Afoer. | O'ER ONS TAAL EN TAALKUNDE.—Klaagliid fan Letter F. (Gedig).—Antwoord fan Letter F. (Gedig). |
| —By di Berg fan di Dood. | GESELLIGE TOEVERDRYF.—Skaakspel II.—Bybel-raaisels.—Raaisels (1 en 2) opgelos. |
| JAKOB PLATTE.—IV. Rys fan Gysbank na Oorlogskloof in Calvinia. | GESELSERY MET ONS LESERS. |
| DI ROOSKNOPPE.—II. Moetiklike. | PRYSFRAGE.—Uitslag fan Grappige en leersame Ferhalen.—Nuwe Prysfrage. £12 fer Pryse. |
| RYKE MENSE.—Di Bih Koning (Baso). | |
| BLADSYE UIT ONS GESKIEDENIS.—Paul Kruger in di Burgoorlog.—ondel Lytelik Verset—in di Vryheidsoorlog. | |

M. Glassberg's
PHOTOGRAFISCHE ATeliers
 te Paarl en Worcester
 Markt Plein. Russel Straat.

WAARBORDEN EERSTE KLASSE PORTRETTEN TEGEN LAAG BILJIKKE PRIJZEN.
 OUDE PORTRETTEN VERNIEUW EN VERGROOT TOT LEVENSGROOTE.
 SCHILDERIJLYSTEN
 VAN BENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.
 SPECIALITEIT: VERGROOTTE PORTRETTEN.
 ALLE WERK WORDT GEWAARBODT EIGENHANDIG TE ZIJN.



Gedenkskool van di Hugenote,

IN DAL JOSAPHAT,

DIST. PAARL.

Hoofonderwyser	-	-	-	Ds. F. S. DU TOIT.
Assistent	-	-	-	D. J. BRINK, J.zn.
Musiik Onderwyser	-	-	-	ROCCO de VILLIERS.

YAKKE VAN ONDERWYS:

Uitleg van di Bybel, Bybel Geskidenis, Gereformeerde Kerkleer, en wat verder nodig is om di jeug klaar te maak ver di anneming as lede van ons Kerk, Hollans, Engels, Latyn, Grieks, Aardrykskunde, Syferkunde, Algebra, Meetkunde, Algemene Geskidenis, Kerkgeskidenis, Geskidenis van Suid Afrika en Engeland, Teken, Musiik op Klavier, Harmonium, Viool, ens., Sangkuns en onse Psalm en Gesang note, Skoolbestuur, ens., ens.

Di Gedenkskool is veral gestig is 'n *gedenktken* om di nagedagtenis van di Hugenote Voorvaders in eer te hou by hulle afstammeling.

Al di *onderwys* daar is gevolglik gegrond op di Bybel en Belydenis Skrifte van ons Kerk, as di fondament van alle degelike *onderwys*.

Di *doel* is om an onse Afrikaanse kinders 'n opvoeding te gé na hulle omstandighede en behoefte.

Di Kosleerlinge loseer by di onderwysers en staan onder hulle strikte toesig en sorg.

Di betaling is £30 per jaar alles ingeslote, skoolgeld, logies, was en stryk, ens.

Engels word gelyk op in di Gedenkskool geleer met Hollans.

Di kinders wat lus het om examens te maak, word voorberei ver di *Elementaire en Hoger Skool* Examens, ook ver di Onderwysers Examen en admissi ver di Normaal Skool.

Kinders wat na di Skool kom, moet by Lady Grey Brug Stasi afklim.

Verdere bisonderhede is verkrygbaar by di HOOFONDERWYSER, of by di Sekretaris,

Mnr. IZAK S. PEROLD, Dal Josaphat, Paarl.



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, AUGUS 1896.

[No 6.

Inhoud.

ONS KLYNTJI SING.—(Gedig)....	97
GROETE AN ONS KLYNTJI.—(Gedig). ...	97
KONINGIN VAN SKEBA—VIII.—Na di Berg Afoer.—	
IX.—By di Berg fan di Dood. ...	97
ANTWOORD VAN DI DOOI BOESMAN AN DI DUUSMANNE	104
JAKOB PLATTJI.—IV. Rys fan Vlysbank na Oorlogs- kloof en Calvinia. ...	104
DI ROOSKNOPPI.—II. Moelikhede. ...	108
RIJKE MENSE.—Di Biir-Koning (Bass). ...	112
BLADSYE UIT ONS GESKIDENIS.—Paul Kruger in di Burgeroorlog—onder Lydelia Verset—in di Vry- hydsoorlog. ...	113
PRAATJUS O'ER DI NATUUR.—Di Form fan di Aarde...	115
'N PREDIKANTS OPINI O'ER ONS KLYNTJI. ...	116
O'ER ONS TAAL EN TAALKUNDE.—Klaagliid fan Letter V. (Gedig).—Antwoord fan Letter F. (Gedig). ...	117
GESELLIGE TYDVERDRYF.—Skaakspel II.—Bybelraai- sels.—Raaisels (1 en 2) opgelos. ...	117
GESELSERY MET ONS LESERS. ...	119
PRYSFRAGE.—Uitslag fan Grappige en leersame Fer- hale.—Nuwe Prysfaag, £12 fer Pryse. ...	119

Ons Klyntji sing.

Ek is so bly ! Ek is so bly !
 Ek het 'n jurki nou gekry.
 Hy pas so glad en net.
 Di suigfles is oek nou opsy ;
 'k Het spenlgoed in di plek gekry ;
 Ek word nou groot en fet.

Baing danki, ooms ! Baing danki, Pa
 Mooi skoon sal ek myn jurki dra,
 En soet sal ek oek wees.
 Myn lesers sal ek nou onthaal ;
 Laat hul mar teken en betaal,
 Dan kan hul lekker lees.

Groete an " ons Klyntji."

Onse Klyntji, ek is bly om jou,
 Net jy kom na myn sin ni gou,
 Jy moet tog kom al fyftiën da'e.
 Dan hoef ons glad ni meer te kla'e.
 Wees tog ni bang di tryn te ry.
 Want duisende trek an jou sy.
 As groot is eendar jy en ek.
 Dan sal ons siin hoeveul daar trek.
 Ek dink dit sal dan baing wees.
 Want baing wil jou nou al lees.
 Wat eers te danig te'en was.
 Di gryp jou nou mos oek al fas.
 Want jy firtel te danig mooi,
 En kan di dinge net goed plooi.
 Myn pa het jou 'n liid gestuur,
 En daardeur word ek angefuur.
 Man glo fir my dat ek firlang,
 Te siin hoe of jou jurki hang.
 Fireers genceg, so dink ek non,
 Of dink jy dit is glad firbron ?

KLYN KEESSI.

Di Koningin fan Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

VERKORTE INHOUD.—Langs di Aandfuur by di wa langs
 Simbabwe kom di Towerlokker Umsalomi, wat deur di
 Kaptyn Umgabe "uitg. ruik" is, flugtende fer syn léwe. Ons
 belowe hom beskerming, as hy ons di gehyme van di oue
 rewines fertel en alles gaan wys. Hy fertel ons hulle
 o'erlewerings fan di Witte Koningin, wat froe'er hiir

geregeer het, en nou nog onder di Kop wood, en al jare oestyd met folle man fer hulle kom segen, as hulle in di grot onder di berg fer haar en haar jong nois 'n bok slag en biir breng.

Met drang en drygemente beweeg ons hom om fer ons di plek te gaan wys. Hy bring ons by di ingang en met grote moeite skuive ons di grote klip weg, en find werkelik di grot met geraamtes en biirpotte. Op ferdere drang bring hy ons ferder met 'n onderaardse gang tot onder di grote ronde gebou, waar 'n menigte fertrekke onder di grond is, en in 'n fersegelde kamer onder di gehymsinnige toren kry ons 'n graniit-kis, met 'n goue offerbak, 3 goue y'ers, 3 goue *falli*, en 'n goue koker, met 'n perkament rol daarin, waarop oue Hebreuse letters staan, en wat ons alleen méneem. Toen ons terugkom was di grote klip weer op di uitgang en ons kon dit onmolik ni ope kry ni.

Tot o'rmaat fan smart was ons kërse amper op. Geluk-
kig besorg Umsalomi ons 'n lamp. Ons gaan met di regter-
handse gang onder di Kop in deur 'n onderaardse riviir.
Kry nog 2 grotte met geraamtes en verroeste wapens, en
'n yster kissi met 'n halfvermufte papius-rol. Met 'n
style gang op, wat opgestop was fan los klippers, wat ons
moes wegrol, kom ons yndelik tussen rewines en brand
netel-bosse uit. Na 'n bitji slaap siin ons di follende
oggend hoe di Kaffers di grot toegemaak en di vé daaro'er
geja het. Ons wyger om Musalomi af te gé an syn kaptyn
en gaan samen met Mnr. Fry di kop besoek. Di aand
gaan ek met Eerw. Louw same om di nag in syn studeer-
kamer te perbeer di rol te outsyfer.

Met baing moeite di Rol outsyfer. Dis fan Salomo syn
gehymskrywer Elihoref, wat oek prins gemaal was fan di
Koningin fan Skeba, en wat daarin fermeld, dat hy di ge-
skidenis fan de Koninkryk beskrywe het, en dat di beskry-
wing bewaar is onder di berg Afoer, fêr in di noordweste.
same met di lyke fan di Koninginne fan di Koninkryk en
met grote skatte. Henni laat fer Umsalomi dolosse goi, en
hy sê ons moet by di Molimo, in di Motoppe berge, gaan
ferneem waar di berg is, want ons kan dit ni anders uitfin-
de ni. Op ons terugrys ferneem ons op di Selukwe goud
felde di pad na di Molimo toe. Daar moes ons eers na ds
Kaptyn en toen na 'n towerheks, wat fer ons sê hoe on-
moet maak om di Molimo te fra, en fan wi ons 'n goue
halsband ruil, wat na 'n oue Egiptise amulet lyk.

Di Molimo sê: Ons moet terug na Tati; fandaar sal
2 Boesmans ons di pad wys na di berg Afoer en hy be-
dwi ons waar di ingang is. Mar daarna luister ons hulle di
nag af by di grot en hoor hulle ferraad teen ons.

VIII.—NA DI BERG AFOER.

*Toerusting fer di ferdere Rys.—By Tati.—Ons 2
Boesman-Padwysers.—'n Tog deur di onbe-
kende Boswêreld.—Op 2 dowwe-Waspore.—Di
Eland-Jag en syn Gefolge.—Afkoms fan di Faal-
pens-Boesman kaffers.—Hopeloos fas gery tus-
sen Bosse en Rante.—Op Ferkenning uit.—Bo op
'n Koppi in 'n Sêl fan Bosse.—Is dit Afoer?—'n
Pragtige Illuminasi en Fuurwerk.*

EK sal nou di lange terugrys ni fertel ni, mar
net di fernaamste punte anstip. Eers gaan
ons terug na Bnluwayo en koop daar fer ons
enige nodige boeke en anlere dinge, waaronder 'n
Hebreuse woordeboek wat ek met baing moeite kry

by di Joodse Rabbi. Daarfandaan af gaan ons terug
na Tati toe en gaan weer by di Monarch-rif uitspan
onder di platte haakdoringtos.

Om alle skyn te fermey maak ons met di frindelike
bestuuder, Mnr. Edwards, 'n o'reenkoms om te prors-
spekteer op di gronde fan di Tati Korsessi, en koop
meteen enige gereedschappe en werktuige wat ons denk
te kan nodig kry, so oek wat dinaniet en 'n nuwe
foorraad fan skiitgoed en eetgoed; want ons rus nou
fer ons uit fer 'n lange rys.

Di aand kom daar werkelik 2 Boesman-Kaffers, of
Faalpanse, fader en seun, by ons, terwyl ons langs di
fuur sit. Ons begin met hulle te gesels. Hulle lyk
op di oog nes Kaffers, mar hulle praat Boesmantaal.
Mar Klaas, ons klyne koranna-lyer, kon met hulle
gesels.

Ons fra waar hulle fandaan kom, en hulle fertel 3
dage fêr fan di Noordweste kant af. Op ons fraag:
of daar oek sulke oue mynwerke is soos hiir, sê hulle:
ja, daar is baing sulke werke, en daar is 'n berg oek,
fêr anderkant hulle kyaal, waarin grote gate gegrawe
was, wat nou al weer toegesfal is. En op ons fraag sê
hulle, di berg heet Foera.

Mar toen ons hulle fra cm fer ons di pad te wys na
di berg toe, wou hulle ni, en seek alkerhande uitflugte.
Eers sê hulle: hulle mag ni, want di wit-mense hiir
wil ni hê hulle moet fer andere wit-mense di grawe-
plekke wys ni. Toen ons fer hulle sê, ons het di toe-
stimming van di wit-mense hiir, wou hulle ons ni
glo ni. Mar toen ons sê ons sal fer hulle by di wit-
mense bring, dan kan hulle self hoor, toen sê hulle
weer: nê, hulle Kaptyn wil ni hê, hulle mag fer wit-
mense di berg gaan wys ni.

Ons was ferplig en bring hulle by di bestuurder, en
eers toen hy fer hulle gebiid om fer ons di plekke te gaan
wys, toen neem hulle an hulle sal dit gaan wys, as ons
fer hulle elkeen 4s. betaal. Dit was fer ons al wonderlik
dat hulle so min fra, mar later sal dit blyk, dat hulle
'n oogmerk daarmê had, want 'n Kaffer en Boesman
is fan nature fol potitiik.

Di follende oggend fertrek ons fan di Monarch af
(wat reeds 40 myle wes fan di Tati anleg af lê). Di
bestuurder het ons di forige aand gesê, dat ons enkele
waspore in di rigting sal kry; want hy het al 'n paar
male waens gestuur om miliis en Kafferkoorn te koop
by di krale waar di Boesman-Kaffers fandaan af kom.
Mar yntlik gaan ons nou di woeste wereld in, wat rog
nooit blanke mense in was ni, of dit mag wees froeger
enkele olifantsjagters.

Di patji was dan oek al erg dof waarmê di 2 gidse
ons di oggend ly fan di Monarch af. Mar ons was
al gewend in Matabeleland en Mashonaland, om in
dowwe patjiis te rij, partykeer net op 2 of 3 skotekar-
spore van goudsoekers. En fereers had ons enige
waspore, denkelik wat hulle gebruik het om hont an
te ry.

Mar heel gou word di spore al minder en di pad al
dowwer, tot ons naderhand net 2 oue waspore het, wat
al toegereen en toegegroci is. En dis 'n boswêreld

en di gras groei so hoog, dat dit tussen di osse hulle horings deur fleg as ons ry. Di 2 padwysers loop vooruit om altyd di spore te soek, en Klaas voor di tou. Gelukkig had Klaas di skerpste oge wat ons nog ooit gesien het. Partijkeer as di Boesmans voor di spore ferloor, (want di spore is mar hiir en daar sigbaar, en dan oek mar dof tussen di hoge gras), dan hou Klaas reg in di spoor en skré fer hulle.

Mar naderhand was di spore so dood, dat ons alle 50 tré weer moet stil hou om di spore weer te soek. En dan by spruite en rifire is di spore gewoonlik weerskante 'n hêlé end dood gespoel, dan moet ons 'n plek soek eers waar ons kan in, en dan moes ons in di droge bedding fan di rifir (want dit was di nawinter) op en af 'n plek soek waar ons wee kon uitkom.

Di gedurige spoorsoekery het ons so opgehou dat ons amper ni forder ni, en dat ons naderhand begin te denk, dis mar beter om somar 'n koers te fat, en pad te maak waar nodig is, deur bossé weg te kap en drifte uit te grawe. Mar ons moes ons padwysers volg, want ons was bang, dat ons anders kan fasyr teen bergrante of digte bosse. Di 2 waspore is, sofêr as ons fan hulle kon uitfinde, fan 'n paar olifants-jagters wat 2 jare gelede hiir gery het. Gelukkig was di feld toen nat, en waar di grond klyagtig is, en di spore diip ingetrap was, is dit nou nog sigbaar, as dit ni te toegegroeï is ni.

Di fiirde dag fra ons fer di Boesmans wanneer ons dan by hulle krale kom, wat hul'e fan gepraat het. Toen sê hulle, né ons kom ni by di krale ni; hulle neem fer ons reguit na di berg. Fier toe, regs fan di krale

ferby, wat nou al skuins agter ons is. Dit het ons wel gespyt, want ons wou graag sulke Boesman-krale sien; hoewel dis minder, want hulle is tog ni regte Boesmans ni.

Di fyfde dag oggend kry ons baing groot wild, en di jongste Boesman gaan same met Henni om fer ons 'n stuk wild te skiit. Ons gaan intusse an met di wa onder gelyde fan di ou Boesman. Mar dis digte Bosfeld, en dit het ni te lank geduur ni, of ons sak af na 'n grote droge rifir toe, en toen was di 2 oue waspore heeltemal weg. En soek help ni, want al di toelops na di rifir toe was so ferspoel, dat ons mar naderhand op en af 'n kans moes soek waar di wal so is dat ons kon inkom met di wa. Di rifir was droog, net met kuile water hier en daar. Ons het toen mar in di bedding fan di rifir uitgespan. Ek het dit toen afgetré, di bedding is o'er di 200 tré breeë. Dit moet en fan di rifire wees wat in di grote Soutpanne uitloop, en wat net mar loop as daar donkerbuie fal.

Teen di middag kom Henni en di Boesman toen an en fertel fer ons, dat Henni 2 baster-elande geskiit het, eers 'n grote bul, wat fêr lê, en toen 'n jonge koei, 'n paar myle fan di plek af waar ons uitgespan is. Ons gaan toen met 6 osse en kap 'n slé, waarmé ons di jonge koei ansleep, en dit was amper son-onder toen ons by di wa kom. Eer ons di koei afgeslag het, het ek nog eers gou 'n portret daarfan geneem, wat ek hiir gé, waarop di leser nou ons wa en rysgeselskap met di baster-eland en padwysers sien.



Daar was net nog tyd om di koei af te slag en fer ons fan di dik flys te neem so feul as ons wil hê. Di ander flys neem di Boesmans en Umsalomi en bewerk dit fer hulle. Ons let daarop dat hulle di flys wat hulle ni di aand braai ni toepak met takke, en Henni fertel fer ons dat di Boesman di Elandsbul wat hy geskiit het oek toegepak het. Ons was toen op ons hoede, want ons denk an wat di Molimo gesê het toen ons hulle di nag afgeluister het.

Dit was 'n heldere maanskyn aand, amper folle maan. Digteby di wa was 'n kuil water, een kant teen di wal fan di rifsiir. Daar het ons di dag gesiën di spore fan 'n menigte soorte fan wild, en een plek kon ons duidelik in di sand langs di water siin, hoe di forige nag 'n bok daar kom water suip het, en hoe 'n leeu hom bespring het bo far di wal fan di rifsiir af.

Di aand by di fuur gesels ons, follens gewoonte, met di boesmans, om fer hulle uit te hoor. So find ons di aand uit, dat Lobengulu fer hulle oek as slawe gebruik en selfs opgekommandeer het met di laaste oorlog. Daarom het hulle oek geweet fan di meksims en meerontsag gehad fer di mens. Uit di gesprekke blyk oek, dat hulle ni weet fan 'n Opperwese ni, en dat daareg nooit 'n sendeling was by hulle krale ni.

So kom ons al nader, en fra toen hoe fêr ons nou fan hulle krale af is en waar di lê; mar daarop kon ons gen befriedigende antwoord fan hulle kry ni. Dit fersterk ons nog meer in ons suspisi, dat hulle wil weg loop, soos di Molimo gesê het. En ons had oek al opgemerk, dat Umsalomi al dikker maats maak met hulle. Di Boesmans praat oek 'n soort fan Kaffertaal, wat Umsalomi verstaan, sodat hulle same kon gesels.

'n Ander punt bespreek ons di aand onder makaa, en dit is, hoekom di Faalpense ware Kaffers is fan postuur en gesig en kleur; en tog Boesmantaal praat en deur di blanke mense by Tati Boesmans genoem worde oek. Di enigste oplossing wat ons daarvoor kon kry is, dat di moeder wat taal en levenswijse betref 'n groter invloed op di kinders uitoefen as di faders; want di Faalpense is denkelijk ontstaan uit Kaffers wat Boesman-myde fer frouens had ('n Kaffer is wonderlik gek na 'n Boesman-myde).

Intussen het ons plan gemaak om fer Umsalomi en di 2 Boesmans di nag op te pas dat hulle ni weg loop ni. Mar om fer hulle 1 iks te laat merk ni, gaan Neef Hendrik en ek di foornag kasta by di kuil water wag hou fer di wild wat kom water suip, en in di nanag kom ons weer slaap en hou Neef Gideon en Henni weer wag. Met di maanskyn kon ons mooi by di wa siin. Mar hulle maak di nag gen anstalte om weg te loop ni.

Di follende oggend span ons in en di 2 Boesmans loop foor. Hulle fertel fer ons, dat ons gou weer di 2 oue waspore sou kry. Eers het ons gesukkel om uit di rifsiir uit te kom, en daarna sukkel ons an tnsen di bosse en hoge gras deur, mar di spore kry ons ni weer ni.

Eers had ons nog 'n soort fan ope gras-laagte, wat tussen di bosse loop en wat ons volg, mar di word al

nouer en loop yndelik dood. Toen moes ons deur 'n plaat mopani-bome deur sukkel, en nou en dan 'n boom afkap. Hiir het ni lauk te fore 'n trop olifante deur getrek. En dis naar om te siin watter ferwoesting so'n trop olifante anrig. Oral kon jy mar siin hoe hulle di toppe en takke fan di mopani-bome afgebreek het, om di jonge blare en toppe te freet.

Nadat ons di mopani-bos deur was kry ons rante en koppis met doringbome, sodat dit al moeieliker word om deur te kom. Eers het ons nog deur gesukkel, deur enkele bome weg te kap en hiir en daar klippe weg te rol om deur kliprante te kom. Mar naderhand was dit onmolk om ferder te kom. Di enigste raad was om so'n ope plekki te kyk, wat ons kon uitspan, om dan di omtrek te bekyk, of daar fer ons kans is om ferder deur te kom. Want di Boesmans hou mar an ons sal net nou weer ope wêreld kry. Mar, gedagtig an wat ons di nag by di Molimo afgeluister het, fertron ons hulle ni meer ni, en lyk dit fer ons al meer of hulle klaar maak om fer ons op so'n ongelege plek te breng en dan di nag weg te loop.

Sodra ons uitgespan het neem Neef Hendrik en ek di een Boesman en Neef Gideon en Henni neem di ander Boesman en Umsalomi, en ons gaan na 2 teen-o'ergestelde rigtinge om di omtrek te bekyk; fer Klaas laat ons by di wa en osse staan. Hy het syn geweerd so het alby partye fan ons, met di afspraak, soos gewoonlik, dat ons ni op wild sal skiiit ni, mar alleen in gefal fan noodsakelikhed, sodat di ander dadelik moet ankom as hulle hoor skiiit.

Dit was toen al in di namiddag, en ongelukkig was daar gen water in di omtrek oek fer di osse ni, en ons voorraad was oek mar net min, skaars genoeg fer di aand.

Ek weet ni of di leser al ooit in 'n onbekende bosveld geloop het ni. Dis di ferradelikste ding fan di wêreld! want di bosse lyk mar orals eenders, en en jy kan net by jou siin. As jy dus ni baing fersigtig is ni, dan kan jy mar daarop reken, ferdwaal is jou foerland. Baing oue erfare jagters en ferboere wat di boswêreld goed ken, het al dikwils so ferdwaal en party het so hulle dood gekry oek. Mar ons het gewoonlik di foorsorg gebruik om 'n byl of mes te neem en oral op sekere afstande di kenbaarste bome te merk, met 'n stuk bas nit te kap of af te sny. En so het ons mar oek weer gedoen.

Neef Hendrik en ek wou di Boesman ni fer ons laat voorgaan ni, omdat ons bang was da' hy ons e' spres ferkeerd sal ly. Ons hou dus ons y'e koers. Nadat ons omtrent 'n goeie half uur fan di wa af was, siin ons 'n tamelik hoge graniit-koppi 'n eud fan ons af deur di bosse, en ons hou oek somar daarnatoe. Di koppi is begroei met di akelige brandnetel-bome, wat toen net ferfel, en fan woeste struikgewas. Mar ons sukkel deur di bosse en o'er di klippe, en yndelik is ons tog bo op.

Dit was 'n wonderbaarlike gesig. So fêr as ons oog kon siin kyk ons net op 'n sé fan bosse, met 'n menigte fan graniit-koppiis wat oral-tussen di bosse uitsteek

nes ylandjiis in di sé. Ons kon so met ons oog wel 'n paar honderd tel. Mar ons neem toen di fêrkyker, en kon duidelik beken, 'at noordwes fan ons af in di fert: 'n bisonder hoge bergtop uitsteek. Neef Hendrik ken 'n bitji kaffertaal en fra toen fer di Boesman, of dit di berg Foera is? Ons kon toen siin dat hy ferlege was met di saak. Eers maak hy of hy ni kon ferstaan ni; naderhand trek hy syn skouers op en s' hy weet ni. Mar toen ons hom fra waar di berg dan is, toen raak hy in di ferlemdhyd, en trek mar al syn skouers op. Netso toen ons fra waar syn kraal is en hoe ons nou moet ry en waar nou di naiste water is.

Mar ons siin self, as ons heeltemal wes draai dat ons dan in kaler feld moet kom, dan kin ons naderhand weer noord hou na di berg toe; want uit di Boesman syn houding het ons opgemaak dat dit mar di berg Afoer moet wees. En foor ons lê nog so 'n uitgestrekte boswêreld, dat ons gen nut siin om nog verder te gaan ni, en mar besluit om terug te keer na di wa toe.

Di eerste toen ons weer onder di kop was kon ons ni ons rigting terug kry ni. Toen ons naby di kop

was het ons opgehou om di bome te merk, en as ons nou eers 'n ferkeerle rigting fat, dan is dit klaar. Gelukkig di Boesman het 'n soort far instiuk waardeur hulle altyd hulle koers in di bosfeld weet. Ons het dit al meermale an Klaas gesiin. En s' het di Boesman ons gou terug gebreng, en was ons weer vroeg by di wa. Mar di andere party was nog ni terug ni.

Ons skiit toen dadelik 'n paar skote, dat hulle mar moet terug kom, want sofer as ons fan di kop kon siin met di fêrkyker was hulle tog in di ferkeerde rigting. En fer fersigtighyd stuur ons fer Klaas agter hulle an, want hy kan wonderlik goed spore hou, en di een Boesman hou ons same met di osse op di ope plekki by di wa, hoewel di osse al begin te pla om te wil weg loop fan di dors. Neef Hendrik maak intussen koffien karmenatjiis klaar om te eet as hulle terug kom, en ek maak myn afneem-toestel reg om ons klomp met di wa af te neem daar waar ons so fas gery was.



Kort foor son onder kom hulle terug, sonder dat hulle iits bisonders ontdek het. Terwyl ons 'n stukki eet bespreek ons di toestand met makaar. Ons ferwag almal, dat di 2 Boesmans en Umsaloni di nag sal weg loop, al sou ons dit ni by di Molimo afgelnis-er hê ni; want ons ken al 'n bitji di Boesmans

en Kaffers hulle manire. Mar ons laat fer hulle niks merk ni.

Ons maak nou plan om hulle fannag goel fe be- waak, weer om di beurt. Mar hulle kan so gou weg wees in di bosse, al is dit maanskijn. Daarom maak ons 'n ander plan. Di mopani-bome is 'n soort fan

wilde terpentynboom, dis fol gom wat nes terpentyn is. En omdat di olifante gelurig di toppe fan di bome affreet, het hulle gewoonlik 'n lange regop stam, soms fan 40 tot 50 voet hoog; mar bo is hulle stomp en hol fan binne, met een of meer gate fan onler, denkelik waar di reenwater uitloop wat bo in reen. As 'n mens nou onder in so'n gat fuur maak, dan trek dit nes 'n geut, beter as enige skoorsteen, binne in so'n boom op, en di gom maak dat net nou so'n hële boom fan binne an di brand is, terwijl di fuur bo bij di punt en bij di stomp punte fan di taake nitslaan. So'n boom brand dan amper di hele nag, en fal naderhand om met 'n geweldige slag.

Dis di pragtigste fuurwerk en illuminasi wat ons ooit gesiën het. En dis meteen 'n middel om di hële omtrek te ferlig en lees en andere ongediirtes weg te hou. Di enigste gefaar is, as so'n boom omfal, dan kan hij di droge gras in di omtrek an di brand steek. So het ons al froeger in di nag moet opstaan om fuur dood te slaan. Daarom het ons di aand eers 'n plek rondom di wa los gebrand, en toen skoon gebrand onder di bome rondom, so fer as ons wou illumineer. En toen kiis ons elkeen fer ons 'n paar bome en steek dit an, om te kyk wi syn di mooiste brand. Dit had ons al meer aande gedoen, sodat di Boesmans en Umsalomi gen lont ruik wat ons doel was ni. Ons maak mar of ons dit doen fer pret, mar ons hoofdoel was om te kan siin as di spul di nag wil weg loop. Tog het ons ni 'n lekker di nag gehad ni.

IX.—BY DI BERG FAN DI DOOD.

Di Drosters gefang.—Boesman O'erleuering fan "di Berg fan di Dood."—Di Rifir waar di Lewendige moet omdraai.—Ons gaan tot bij di Berg.—'n Natuurlike Piramide —Met 'n gat bo in.—Water-Flywer onder di Berg.—Spore fan froegere Mensewerk.



ONS het di aand voor ons gaan slaap nog 'n slag di Boesmans in ferhoor geneem, en onderfra: Waar di berg Afoer nou is? Watter plan hulle nou het om daar te kom? Hoe fêr dit nog is? Hoe di geaardhyd fan di wêrldformasi is? Of daar oral water is? ens. Mar hulle wou ons mar blykbaar gerus stel met te sê: Dis nou nog nar 2 dage fêr; ons sal gou in ope wêrld kom; en water sal ons oral kry, ens. Natuurlik het ons daarfan geglo so feulas ons wil.

Ons gaan toen naderhand slaap met di afspraak, dat elkeen syn geweer en rewolwer gelaai en klaar sal hê by hom. Neef Hendrik en Henni slaap op di grond; mar Neef Gideon en ek sou om di teurt in di wa wag hou, di een di foornag en di ander di nanag, so dat hulle ni kon merk dat ons fer hulle dop hou ni; want di klaf fan di wa hang, sodat ons in di donker is, en hulle moes oek naby di wa slaap om di brandende bome rondom, wat di hële omtrek ferlig.

Di foornag hou ek wag, en toen di ander 'n goeie uur lank geslaap het, merk ek ons 3 maters begin sutjiis op te staan en hulle kombersa, wat ons fer hulle gekoop het by Tati, op te rol. Di 2 bonte fan di eland het ons di aand an 'n boom opgehang, en di ou boesman gaan nog eers fer hom 'n stuk flys afsny. Toen wek ek eers sutjiis fer Neef Gideon, en ons 2 spring gelyk weerskante fan di wa uit met ons geweers en ons skré na di ander, wat oek dadelik opspring met hulle geweers. Di 2 Boesmans en Umsalomi wou nog eers plan maak om te hardloop. Mar Henni skré dadelik, as hulle hardloop, dan skiiit ons julle dood, en Neef Hendrik skiiit 'n paar blinde skote met di rewolwer. Toen hulle siin dit is te lig om te ontflug, gé hulle fer hulle gefange. Ons maak hulle toen al 3 fas, elkeen an 'n wawil en gé hulle elkeen 'n goeie ranseling.

A, toen weet hulle gon fer ons te fertel waar di berg Afoer is. Dit is di berg wat Neef Hendrik en ek fan di kop af gesiën het. Toen weet hulle oek goed, dat ons moet links weg draai, om uit di bosse en rante uit te kom, en dat ons di follende middag by di water sal wees.

Mar hulle doen toen allerhande mooie beloftes fer di toekoms. Ons het hulle toen gesê, as hulle weer so iits perbeer, dan skiiit ons hulle dood.

"Ja," sê Henni, "julle denk julle kan dolosse goi om alles te weet. Mar ons boek wat ons het fertel fer ons baing beter alles as julle dolosse."

Tog het ons di 3 ferder ni fertrou ni. Neef Gideon en ek gaan toen slaap, mar ons laat di 3 so fas an di wawile bly en Neef Hendrik en Henni pas hulle op om di beurte. En di follende dage het ons altyd 2 fas gemaak agter an di wa en een mocs pad wys voor.

En toen blyk dit, dat di Boesmans di wêrld net goed ken oek. Want gou was ons in 'n ope streek, wat ons tamelik goed kon ry, ofskoon soos dit mar gaan in di woeste feld sonder pad, met 'n bitji moeite en sukkel. Di middag was ons by 'n droge rifir, mar di Boesmans het gou *gorratjiis* gegrawe in di sand, waaruit ons water genoeg kry. Mar fer di osse moes ons met 'n graaf 'n grotere gat maak om uit te snip.

Diselfde agtermiddag kon ons oek al goed di top fan di berg siin uitsteek bo di bosse en rante rondom. Di tweede dag aand was ons wel ni by di berg ni, mar so na dat ons di derde dag met 'n oggend-skof dit kon beryk.

Mar di forige aand bly ons by 'n droge rifir, waar ons weer "*gorratjiis*" moes grawe fer water in di sand. Dis iits wat di Boesmans altyd doen, en wat Kaffers en jagters oek al fan hulle geleer het. Di staande kuile water in di droge rifire is meesal ongesond, soms drywe daar 'n kim op en soms is dit fol groene slyk, feral di Tati-rifir. Mar as 'n mens dan 'n end fan so'n kuil af 'n gatji grawe in di sand, dat di water so deur di sand syfer, dan is dit suiwer skoon en fry fan di ongesonde kime.

Di aand sê di Boesmans fer ons reguit: Nou kan ons mar fer hulle dood skiiit as ons wil, mar ferder

gaan hulle ni same na di berg toe ni. Toen ons hulle fra, waarom dan ni, ten kom dit uit waarom hulle an Tati al so huiwerig was om fer ons di pad na di berg toe te wys, en waarom hulle di nag wou weg geloop hê. Hulle fertel ons toen hulle o'erlewer'ng fan di berg fan di dood, wat hiir op neer kom :—

As hulle dood gaan, dan gaan hulle gees in by di gat wat fan lo af in di berg in gaan en dan word 'n grote klip bo op gesit. Daar moet hulle dan 3 maal 10 mane bly, en dan word di klip weer weg geneem, en dan kom hulle onder di berg by 'n ander gat uit as een of ander diir, nadat hulle forige lewe was. As hulle baing skelm was, dan word hulle 'n jakhals; as hulle baing lui was, dan word hulle 'n skilpad, ens. Mar daarom mag gen lewendige mens by di berg gaan ni, want dan ferander jy dadelik in 'n slang en jy word bo by di gat in g'goi, en fas gedruk onder di berg 10 maal 10 mane, en nog 10 maal softul, en as jy dan uitkom, dan is jy 'n mamba-slang, wat almal dood maak, om jou gif fer gifpyle te gebruik. En daarom gaan hulle nooit ferder as di rifir ni; mar as fan hulle famili dood gaan, dan kom hulle 3 maal 10 mane tot hiir om weer fer hulle te kom kyk, en di eerste diir wat hulle dan ontmoet, dis di gees fan hu'le forige famili.

Ons het eers alle moeite gedoen om hulle o'er te haal om me te gaan, wat ons wou hulle hê om te help. as ons altemit moes grawe om na di ingange onder di berg te soek. Mar dis ferniit. En Umsalomi word toen oek bang en wil oek ni ferder meggaan ni. Mar toen ons fer hom daaran herinner dat di Molimo self gesê het ons kan di berg gaan ope grawe, toen was hy te frede.

Toen ons siin dat daar niks an te doen was ni, be'snit ons om di 2 Boesmans mar te laat gaan. Hulle wys ons toen dat di voetpaje fan hulle krale af, waarmee ons di forige dag al 'n end gery het, almal hiir by di rifir, wat hulle noem di "rifir fan di dood," om draai. Ons fra hulle toen foor hulle weg gaan wat ons nou by hulle krale kan kry om te koop of te ruil; want follens hulle sê is di krale ni so fêr ni, sodat Henni dit te pêrd in een dag sal kan beryk. Mar amper niks was by hulle te kry ni. Hulle moet frêselik arm wees. Mar hulle was tog beryd om ons weer terug di pad te wys oek na Tati toe, as ons wil terug gaan.

Daar draai di 2 Boesmans toen om, en ons gaan di oggenl alleen an. Ons fernaamste beswaar was of ons sou water kry forentoe; want dis mar 'n droge wêreld. Dis net droge rifire, wat jy kry, wat net in di reentyd afloop na di grote Soutpanne toe. En di Boesmans kon ons daarin oek gen anwysing doen ni, want forentoe is hulle geheel onbekend.

Nadat ons di osse goêd laat snip en ons anker ji fol water gemaak het span ons di oggend in, en di nuusgirighyd om by di "Berg fan di Dood" te kom drywe ons fort. Henni drywe, Klaas foor di tou en om di beurt loop Neef Gideon en Neef Hendrik en ek same met Umsalomi fooruit om di beste pad te soek. Ons pyl mar reguit na di berg syn punt toe, wat nou al ho-

ger uitsteek tussen di besse uit, hoe nader ons kom.

Omtrent middag kom ons by di berg. Dis 'n enkele kop wat ferrys uit di gelyke boswêreld, nes 'n menigte andere graniit-koppe, mar net baing hoger en groter. Dan leg dit in 'n ware streek fan di dood, want in di onmiddelike omtrek groei amper niks, gen bosse en oek amper gen gras ni. En di berg self is amper heeltetal kaal, met net enkele fan di giftige brandnetel-bosse tussen di klippe, en dan oek nog klyner as hulle in di ander koppiis is. En fan water siin ons daar gen be wys ni.

Mar ons kom nou by di berg an di Suidekant, en follens di Molimo moet ons di ingang an di westekant soek. Ons ry dus om di foet fan di berg, en ja, daar is di afset of klipbank, en daaronder di 2 grote klippe en di boom daar tussen in. Daaromtrent was gen twyfel ni. Mar fan 'n ingang was gen spoor te siin. Di enigste wat ons opmerklik find is dat dit 'n bisondere soort fan boom is wat ons gen een ken ni, en wat ons in di hêle omtrek oek ni gesin het ni.

Ongelukkig siin ons hiir oek gen water ni. Wat nou gedoen? Sonder water kan ons hiir ni bly ni. En dis al hoog tyd om uit te span. Ons het dus di osse mar uitgespan en laat wij, want di gras was mar min en kort, mar dis meesal polle fan di brê'e blare soet gras, wat oral op heuweltjiiis groei, nes op di grote oue miirshope in di strêke.

Eers 'n stukki ge'êet en gou was ons skikkings gemaak. Klaas bly by di osse; Henni en Umsalomi moet om di berg loop om te kyk na water; Neef Hendrik en ek sal op di kop klim met di fêrkyker om di berg en di omtrek te bekyk; en Neef Gideon wat ni reg fris was ni bly by di wa.

Maklik was dit ni om di berg uit te klim ni. Follens ons hoogtemeter is dit iits o'er di 800 foet hoog, en dan styl op en fol klippe en ruw. Mar tog was ons binnen 'n uur tyd bo. Dis 'n amper spitse punt, met 'n gat net op di top in, fan omtrent 12 foet fiirkant. En dit lyk wel of dit kan gemaak wees fer 'n luggat. Want dis te reelmatig; blykbaar is dit uit di klip uitgekapt. Hoe diip di gat ingaan kon ons ni siin ni. Mar dat dit baing diip moet wees kon ons merk as ons klippiis daarin afgoi, want ons kon dit ni hoor fal ni, en dis pikdonker onder in.

En 'n grootse gesig is dit bo fan di kop af. So fêr as ons met di oog kon siin is 'n sê fan bosse, met koppiis wat nes ylantjiiis tussenin uitsteek. Met di fêrkyker kon ons iits wits siin fêr in di suidweste, wat denklik 'n punt fan di grote Soutpanne is, en fêr in di noorde lyk fer ons iits nes krale fan Kaffers of Boesmans.

Mar ferder ontdek ons niks bisonders ni. Soos ons in di wêste opgeklim het, klim ons nou in di oostekant af, om noord om di kop terug te loop en molik fer Henni en Umsalomi te kry. En ons het oek ni fêr omgeloop ni of ons kry fêr hulle.

Hulle had daar water gekry. Onder was 'n grote, platte graniitklip en bo'op 'n hoge, amper regop krans en daaronder kom 'n klyne fonteyntji uit, amper meer

'n syfering, wat sig ferspry o'er di onderste plat klip, wat bedek is met groene slyk, endan ferder weg syfer in di grond, sodat dit 'n hele plek groene gras maak.

Hulle twé had toen al 'n klyne gatji gegrawe, waar-in ons kan water skep. Mar hoe sal ons nou di osse laat snip? Ek neem toen myn kiri en begin te steek in di slyk en anpaksel en bemerk dat dit meteen keer insak en wel in 'n regte lyn. So steek ek toen al ferder, en find heel gou myn fermo de bevestig. Hiir was blykbaar froeger 'n fywer in di rots uitgekapt, wat di water in geloop en bewaar is, mar wat later toegegroei is. Ek het op di gedagte gekom, omdat ek in Palestina en Siri'e baing sulke fywers in di rotse g'siin het by di oue boufalle. Ons krap somar met ons kiriis en hande di slyk en modder weg en siin al duideliker dat hiir so'n opgefulde fywer is.

Henni gaan toen na di wa om fer Neef Gideon di berig te bring, 'n paar grawe te haal en fer Klaas meteen lanksaam met di osse so heen te laat ankom. In di tussentyd bekyk ons di spul reg, en dit blyk ons dat di gat of fywer omtrent 6 voet diip is (deur 'n skerp stok in te steek), 4 voet breed en omtrent 7 voet lank.

Na omtrent 'n uur kom Henni met di 2 grawe. Nou stewels uit, broek opgerol en an di spit, om di beurt. En binnen 'n uur tyd had ons di gat leeg van di grond en modder. Mar nou sal dit 'n hele tyd neem om fol te loop, want di stroompi is mar swak. Ons laat toen fer Henni en Omsalomi daar bly, om fer Klaas te help di osse te keer tot di gat eers fol is en dan fersigtig fer hulle te laat snip, dat hulle ni in di fywer val n, terwyl Neef Hendrik en ek na di wa terug gaan.

Hiir had ons dan nou di eerste duidelike bewys fan froegere mensewerk. En nou was daar molikhyd om hiir te fertoeuwe oek fer ferdere ondersoekings, nou ons water gekry het.

Antwoord fan di dooi Boesman an di Duusmanne.

Aa, foeitog! julle wil nou, as om stryd Klein, arrenne Boesmantji! pik en byt;
Mar weet jul dan ni k is dood.
Dit is nog net myn gees,
Wat hiir bo jul hoog in di lug rond dryf,
Om te askon wat jul hiir onder skryf:
Want in di sé word vissiis groot
Fan myn ferrotte flees.

DI GEES FAN DI DOOI BOESMAN

DI AFRIKAANSE ALMANAK ver 1896 bevat 'n grote ver skeidenheid nuttige leesstof en opgawe, burgerlik van di h le Suid Afrika, en al di Hollanse kerke, en dan oek vyf portrette nam. di Kaapse Parlementshuis, Pres. Reitz, Pres. Kruger Sir H. Robinson, di Wconhuis op di Gedenkskool Flaas. Dit alles ver 9d. stuk; dis spotkoop.—D. F. du Toit & Co., Bepert, Drukkers en Uitgewers, Paarl.

Jakob Plattji,

OF

Sketse van Hotnots en Boesmans Lewe in Suid Afrika

DEUR

G. R. VAN WILLIGH,

Ex-Landmeter Generaal van Transvaal.

HOOFSTUK IV.

Rys van Vlysbank na Oorlogskloof en Calvinia.—
Gearesteer.—Wa'ens gefissenteer.—Twe spoko.

KOOS Vonk was 'n bedri'er en 'n fabond so groot as daar mar een roid geloop het. Dit was ver hom 'n al te grote fersoeking om ni imand te bedri'e ni. As daar mar kans was, en di gele'nyd gunstig, dan kom mar min fan Koos Vonk syn nette fry. In plat Afrikaans gesé: "hy was 'n kn'broer."—Dit is met min woorde gesé, mar dit beteken baing. As imand hom op di skoner tik en 'n oog knik en met feel betekenis sé: "Koos, jy is 'n fabond, jy is ver di hele boel te slim"—dan lag hy daar'oer en deuk dit is 'n grote eer hom angedoen. Syn antwoord is dan: "Man, ek durf my fer 'n handelaar nitskel." Hy het ook altyd gesé: "Maak geld eerlik as jy kan, mar kan jy gen geld eerlik maak ni, maak dan geld." Op di manier het hy ook nooit omgegé op watter manier hy geld maak. Koos het altyd di faste o'ertuiging in hom omgedra: dat handel en bedrog só onafskydelik fan makkaar is as pot en deksel.

So kan ons siin hoe arme Plattji in syn strikke gefal het. Toen hy nêrens een kon kry ni, en Plattji in syn pad kom, toen haal hy Plattji op 'n bedri'elike manier om. Koos Vonk met al syn foute was tog ni fan alle d'ugde ontroof ni: hy was goed fer syn bediende; hy gé hul wat hul nodig het. Het hul geld nodi, dan gé hy hul dit; het hul kos nodig, dan gé hy hul dit; mar het hul sla nodig, dan het hy nooit di roede gespaar ni. Hy het altyd op syn ruwe manier gesé: "ek weet wi ek kan ferneuk en wi ni,"—wetende dat hy anders gen werkfulk of vriude sal hê li. Syn woning was op Tulbagh, en nogal 'n mooie huis. Hy was 10 jaar getroud en was 'n fader fan 6 olyftakkiis.

Gert Buurman was omtrent 40 jaar oud, en enige jare ouer as Koos Vonk; tog het Koos altyd eerste fijool gespeul. Gert was nooit so an di handel ferslaaf ni, mar was juis di man wat Koos nodig had om sekere sake deur te werk; want Gert was 'n bitji skynhlyg; hy het hom self altyd te goed geag om bedrog te pleeg, mar het altyd di kat in di donker geknyp en onderduims baing kwaad gedoen. O, as di wêreld durf syn ware klure toon en idere ding by syn regte

naam noem, wat fir 'n ferspotte boel sal di sogenaamde beste mense wees, om ni eens fan di gemene boel te praat ni! 'n Dekmantel word ni alleen gebruik om koue uit te hou ni, mar ook om sonde te bedek. Koos kon Gert amper fir idere slegte daad gebruik, mar net dit moet op Koos syn naam gaan; word hy uitgefinde, dan seg hy: "Koos het so gesê."

Gert Buurman was ongetroud. Waaran y'entlik di skorting gelê het dat hy ongetroud gebly het, kan niemand ferklaar ni. Of dit was dat hy so lelik was weet ons ri; want ar ne Gert was lelik en was regtig lelik gemaak. Hy wis dit, en het altyd gesê: "Ek weet, ek is lelik, mar as ek 'n frou wil hê, kan ek genoeg kry; want as 'n bobbejaan-mannetji en 'n muis-hond 'n frou kan kry, waarom dan ni ek ni?" Mar misskiin was daar meer waarhyd in syn ander gesegde "Ek is net fir dri dinge in di wêreld bang: fir 'n s'ang, fir 'n leuning-by en fir 'n frou." As hul hom soms pla, dan sê hy: "Ek sal een dag trou, mar dan moet di nôi of weduwe ryk wees, anders trou ek ni."

Fan dat Koos Vonk en Gert Buurman makaar op Vlys Bank ontmoet het, is daar een en 'n halwe maand firby gegaan. Follens afspraak ontmoet hul makaar weer op Oorlogs Kloof, naby Calvinia, in di Hantam. By di tyd het Koos al by di 500 skape en bokke ingekoop en di loop oek op Oorlogskloof. Gert het twe wa'ens vol negosi-goed afgebring.

Hulle plan is nou om di fé en kar daar agter te laat; Koos gaan dan met een wa an di ooste kant fan di Hantam Berg om, terwyl Gert an di weste kant omgaan. Hulle sal dan so handelende fort gaan, en dan weer makaar op 'n plek langs Hartbees-Rifuer ontmoet. By di tyd sal di meeste fan di goed ferruil wees. Di owerrige goed met di kruit, gewêre, drank, doppies, en tabak pak hul op een wa en Gert draai met di le'e wâ om, neem al di vé saam, ferkoop di wa, en gaan dan met di kar en al di vé Boland toe. Terwyl Koos Vonk met di ander wa en negosi langs Hartbees Rifuer afgaan en yndlik o'er Groot Rifier, om daar di goed an di Basters te ferhandel; want di soort goed was duur daar.

Dit was nou kort foor sonnder, hulle het ingespan en was klaar om te trek. Hier kom 'n poliisman te pêrd an. Koos en Gert skrik alby; want hulle weet wat dit betêken. Een, twe, dri, en hulle planne was klaar.

Di poliisman hou stil, groet hul en fra: "wi syn wa'ens is dit?"

"Gert Buurman en Koos Vonk syne."

"Wat het julle op?"

"Negosigoed"—was di antwoord.

"Het julle ni knit en drank op ni?" "Nê."

"Hoe kan dit wees? Ek het gehoor dat julle kruit en drank op het. Di beste is, julle gaan met my saam met wa'ens en al na Calvinia toe, en daar kan ons dan di wa'ens ondersoek; is daar niks op ni dan kan julle mar fort gaan."

Koos kyk fer Gert an en Gert kyk fer Koos an; hulle hart feroordeel hul; want hul weet goed, dat,

behalwe drank en kruit, het hulle gewêre, doppiis en ander goed op wat hul'e lisensiis ni toelaat ni. Mar Koos en Gert was lank in di land en hul ferstaan makaar net goed, in anner woorde; hul'e was ouer as gister.

Koos sê an Gert: "Laat jy mar eers trek, dan kan jy in di pad daár gaan stil hou." Gert laat fat en hou syn wa in di pad stil.

Toen skré Koos weer "trek." Syn wa kom 'n bitji te kort om, di disselboom breek niors af, en ongelukkig was di wadrywer ni daarop ferdag ni; hy fal af en breek syn been, en daar sit hulle radeloos. Almal hardloop toe en skré: "hoo-ha, hoo ha," mar dit was te laat, di kwaad was gedoen.

Wat nou gedoen? Na raadple'ing besluit hulle, dat Gert mar met syn wa moet fortgaan, om syn wa di annerdag op Calvinia te laat fissenteer; Koos sal agterbly, om di been fan syn drywer te ferple'e en om di disselboom reg te maak.

Gert laat fat in geselskap fan di poliisman, en di annerdag word syn wa op Calvinia onnersoek, mar niks gekry ni. Di dag daarop, toen di poliis opstaan, was Koos Vonk syn wa ook daar. Di wa word oek gefissenteer, mar daarop word ook niks gefind ni. So kry hulle ferlof om fort te gaan.

Mar dit is tog freemd, daar was tog gewêre, kruit, doppiis en drank op di wa'ens, wat is daarfán geworde? Di oplossing is heel eenfoudig. Di disselboom was e'spres afgebreek. Ofskoon di breek fan di been fan di wadrywer was 'n ongeluk. Op Gert syn wa (di wa wat eerste onnersoek was) was di kruit, mar di was tussenin di koffi en suiker, binne'ant in di sakke weg gesteeke. Di nag toen Koos by kom, pak hul gou-gou di drank o'er, en di gewêre was tussen twé buikplanke weg gesteeke; dus, toen hulle Koos syn wa onnersoek, was daar ook niks op ni. Koos en Gert hou hulle toen kward, en fra: wi nou di koste fan hulle fersuum gaan betaal? en waarom hulle op di manier moet bebannel worde?

Mar di drywer syn been was af. Daar was net 'n boer ingekom, wat baing kennis het fan béne en arme te spalk. O'er al het hul fir hom rond gesoek, mar nêrens kon hul hom kry ni. Yndelik hoor hul dat hy weg was, en hulle jaag agterna en by di plaas Rams Hoorn fang hul hom. Fer 'n paar pond koffi en suiker het hy di been nettiis gespalk en reg gemaak. Daarop is hy fertrek, na hy alle di fersekeringe gegê het dat daar geen gefaar meer was ni—mar di wadrywer moet agterbly.

In plaas fan di drywer, wat syn been gebreek het, moet daar 'n anner wa-drywer gehuur worde. Koos het wel fir Platji as Iyer en Samuel, 'n anner Hotnot, om di skape an te ja; dus moes hy nog 'n anner man hê om te drywe. Koos het inderdaad spyt dat syn wadrywer syn been gebreek het, mar in syn hart was hy daarom bly; want tot nog toe het di drywer en Platji geen kennis gemaak ni; dus kon Platji ook ni fertel, dat Koos en Gert hom in di Boland gesteel het ni. Alles het tot nog toe goed mé gewerk om alles

duister te hou dat hulle Plattji gest el het, en dus was daar gen kans dat syn baas, Ferdinand Warm, of syn on'ers, ou Idries en ou Sina, ooit sou uitfinde wat fan Plattji geworde is ni.

Koos Fonk het al o'eral rond ferneem waar hy 'n anner drywer kon kry, mar sonder ferder te kom. Toen hy alle moed opgege het kom ou Adam Danster na hom toe en fra of Koos hom ni wil neem ni. L'oen Danster hom dit fra, kon hy syn y'e o'e ni glo ni; want Adam Danster was in syn da'e 'n ryke Hotnot. Koos kom bedaard an, en sê: "Mar, Adam, jy speel met my, nè?"

"Regtig, Baas, hoe kan ek dan met baas speel?"

"Mar, ou Danster, jy was dan so ryk; waar is jou fé dan, is hulle dood?"

"Né, baas!"

"Het jy hulle ferruil?"

"Né, baas."

"Wat dan, waar is hulle?"

"Baas, ek en ou Fredrik het geprossedeer Ek het gewen, ou Fredrik het ferloor; en toen ek en di agent afreken ou Fredrik was by—toen moet ek en ou Frederik al ons fé betaal en ons goed bo'enop ferkoop. So kan baas siin, ek is uit myn goed geo'erle. Ai, myn basi, dis swaar om so uit jou goed geo'erle te worde."

"Ja, ou Danster, neem myn raad an: prossedeer nooit ni."

"Dis alles goed, myn baas, non sit ek met di goeie raad fan di agent, mar di agent sit weer met al myn goed—dis nou te laat: en wi weet of di raad fan di agent ooit goed is."

Adam Danster was yentlik i so sleg as syn foorkomste was ni. Hy was nog al 'n man van inbors. Syn regteroogkyk buitentoe, nes di fan 'r krap en kyk hy jou an, dan weet jy ni waarnatoe hy kyk ni. Hy was kort fan gestalte, syn hare was wollerig—ni peperkorrels nes di fan anner Hotnots ni. Adam l'auster was gen op egte Hotnot ni, want hy had freemde bloed in hom; fra jy hom wat hy was, dan het hy altyd gesê: "Ek is 'n Baster." En o. as di kinnere hom durf ou-ta Adam noem, dan was di gort gaar; hy praat dan dat di spung so fan hom fliig en sê: "julle kan di Hotnots ou-ta noem, inar my noem julle by myn naam, en myn naam is Adam Danster."

Dit is nog by ons in Suid Afrika 'n gewoonte om ou kleurlinge ou ta en aja te noem uit respek fer hulle ouderdom.

En ofskoon Adam Danster syn beurs klyner geworde is deur syn proses, is tog syn ferwaandhyd groter geworde—in kort hy is daardeur beroenid geworde. Is Danster nugter, dan eer hy elke blanke mens; mar is hy weer di dag dronk, dan noem hy wit en swart by syn regte naam, en dan is hy so lastig, dat dit di beste is om hom eenkeer smoor dronk te maak, en hom te laat slaap tot hy nugter is—so het ammal gesê. Hy was frolik, pilsirig en nog al eerlik op syn manier.

Plattji was reeds 'n klyne fabond; daarom het hy di naam van Plattji gekry; en dit fal maklik te be-

gryp, dat al di doen en late fan Koos Vonk gen foor-delige infloed ophom kon uitoefen ni. In geselskap fan Danster en Samuel moet jy syn bek hoor; jy sal sweer dat dit watter groot Hotnot is wat daar so praat en syn opini g's. By di dag word Plattji luier en slegter, syn baas was al twe maal ferplig om hom met di lat goed deur te draf. En nog wil dit ni help ni.

li oggent na br-kfis, toen hulle wil inspan om fort te gaan, was Plattji ni te kry ni: hy moet na di osse kyk, mar lê agter 'n bos fas te s'aap. Hull skre, hulle klap hulle ro p, mar al wat hoor was Plattji. Yndelik kry hulle hom waar hy lê te slap; hu'le maak hom wakker en bring hom na di wa toe.

"Waar was jy?" fra Koos Vonk.

"Baas, ek het gelê slaap."

"Is dit nou tyd om te slaap? Mannetji, jou boeki is fol, en ons moet afreken—fan môre sal jy dit hê."

"Asseblif tog, baas, ek sal ni weer ni."

"Wat asseblif? jy hoor ni, jou boeki is fol, ons moet afreken"—dit sê Koos, terwyl hy hom by di arm gryp.

Plattji fal op syn kni'e smeek: "Asseblif tog, baas! Ek sal ni weer ni—maak tog asseblif 'n nuwe boeki en gô liwers di oue weg."

Koos Vonk het altyd fan 'n grap gehou, en so'n gepast anmerking was fir hom al te mooi. Hy laat Plattji los en lag hartelik en sê: "Dis jou geluk, mannetji, ek sal jou fan dese keer fry skelde, en jou b'eki opskuur; mar pas op fir di follende keer, wanneer ons afreken, dan sal dit met jou oplr'ent gaan, dit beloof ek jou; ek sal jou so'n loesing gé as jy nog nooit gehad het ni."

"Dankki baas," sê Plattji, terwyl hy weg stap en syn rug vrywe net of hy di pak gekry het.

"Wag mar," sê Koos Vonk, "ek ferruil of ferkoop jou nog, want jy is te lui en te onwettig."

"Baas mag my ni ferruil of ferkoop ni, dis ni meer slawe tyd ni."

"Nou wag mar, jy sal siin as dit te laat is"—antwoord Koos.

Daarop span hul in, ry fert en alles gaan goed, behalwe dat Plattji by di dag slegter word—stout en ondeund is gen woord om op hom toe te pas ni. Hy fertel an di anner folk, dat hy so goed Engels kan praat. Danster fraag hom: "Jong, praat tog 'n bitji laat ek kan hoor."

"jis, jis, jis," antwoord Plattji.

"Mar, jong, dis ferdniwels mooi, praat weer laat ons kan hoor."

"Jis, jis, jis," sê Plattji.

"Mar, allamaskas, ek het daarom nooit gedenk, dat jy so goed Engels kan praat ni. Jy moet fer ons ook leer. Jong, glo julle in di Boland moet baing tale kan praat nè?"

"Jis, jis, jis" antwoord Plattji weer.

"Dit find ek ferdniwels mooi. Plattji, ek gé jou daarvoor krediet. Wag, jong, as ons nou 'n Engelsman kry, dan sal ons lekker gesels."

Dit het dan oek ni lank geduur ni, of na ferloop fan enige da'e kry hulle 'n Engels-man, wat op Engels fer hulle fra hoe di pad na Calvinia gaan. Plattji word ferle'e en kyk na ou Danster en dan weer na di Engelsman.

"Mar man steek hom met di *jis*-woord,' sê ou Danster.

Plattji sê: "jis, jis jis."

Di Engelsman gé 'n knoop en sê: "jou fool" met 'n sterkke byfoege ike naamwoord voor *fool*, en stap toen weg.

Danster fra: "Wat sê di Engelsman?"

"Ne, oom, hy sê danki, en hy is b'y dat hy nou di pad weet na di dorp toe."

"Mar, jong, hoe kry jy dit so reg? dis daarom goed as 'n mens bainz tale ke," sê ou Danster daarop, terwyl hy Plattji ewe ferwonderl ankyk.

Na 'n korte tydji, dit is na 'n paar weke, het Koos Vonk amper al syn goed ferruil en het toen al net 'n mooi klompi skape. Want agter toes in was di feld droog, mar hiir na foren'oe het mooi donner re'ens gefal, en di feld was net mooi—dit lyk na 'n sê fan blomme. Daarom het 'n meni te trekboere met hulle fé hiirheen getrek. Koos het net'goeie b'sighyd gedoen.

Een dag roep hy fer Plattji en sê: "Kyk hiir, hiir is 3 bot'tes brandewyn en 'n briif; loop en gè dit an di oubaas wat daar agter di koppi in 'n tent woon. Maak gou en moet ni lank weg bly ni."

Plattji loop dadelik, en di' by di koppi kry hy ou Samuel met di fé fan Koos Vonk. Ou Samuel fra hom: "Waar gaan jy?"

"Ek gaan di 3 bottels brandewyn en di briif weg brin' na di ou baas hiir agter di koppi."

"Plattji, jong, wag, kom hiir, en la it ons een bottel brannewyn fir ons fat, dan kan jy fir di ou baas sê, baas Koos het mar twe botte's gestuur; en as jy wil dan sal e met jou saam na di ou baas toe gaan. K m jong, moet ni bang wees ni, ek sal jou help."

"Né, oom Samel, ek durf ni, di briif wat ek hiir het sal ons ferklik. Oom weet mos self 'n briif is 'r ferlekselse slim ding, hy sal ons sommar in di hand bring."

"Mar, jong, ons maak 'n p'a', jy moet slimmer as di briif wees. Kom ons sit hom onner 'n grote klip, dan kan hy mos ni siin as ons di bottel neem ni. Mòre gaan ons ammal weg—ons en baas Koos, en dan sal gen haan daarna kraai ni."

"Wil oom glo, dis net 'n goeie plan, ons kan so maak."

Daarop steek hul di briif sorgvuldig onner 'n klip weg en loop agter 'n bossi, neem 'n bottel en drink daarvan, en steek dit onner di sand weg, en toen gaan hulle di briif onner di klip uithaal, en stap na di ou baas agter di koppi. Toen hulle daar kom ontfang di ou baas di twé bottels en di briif, en stap di tent in. Intussen stap hulle rond, en nadat Plattji syn sak vol y'ers gesteel het, roep di ou baas hulle en fra hoe dit is, di briif sê daar was 3 bottels, en nou is daar mar 2 bottels brannewyn.

Di twé was so ferskrik en Samuel sê sommar. "Baas, mar hoor 'n brief is 'n slim ding. Dit help ni om te stry ni, ons het 'n bottel brannewyn gesteel, mar ou baas moet tog ni an baas Koos gaan sê ni; ons sal van naamt 'n anner bottel koop en di fer ou baas brin'. Ons h't ni gewest dat 'n briif deur 'n klip kan sien ni; ons het hom tog so goed weggesteek as mo'enlik is."

"Daar help julle niks fan af ni, julle sôrefannaant dat ek di anner bottel hiir het, of anners gauu ek fer julle baas Koo's sê, dan sal hy julle sê fel, dat julle in di lug sal fliig."

Hulle beloof toen hand en mond, dat hulle seker 'n bottel brannewyn fan baas Koos sal koop en fannaant sal bring.

Hulle stap t'en weg en ou Samu'el sê: "Hoor, jong, ek kan ni ferstaan hoe di deksels briif dwars deur 'n klip kan siin ni."

"Ek ook ni, oom Samel, ek het gedog 'n bobbejaan-mannetji kan goed siin, mar 'n briif raak hom fêr baas. 'n Bobbejaan kan fêr siin, mar 'n briif kan raak siin."

"Plattji, myn kind, myn ferstand staan o'er di ding bot stil, anners het ek jou nooit angeraai ni om di bottel af te gé ni. Daar is fer ons nou g'n anner raad ni, as deur imand anners 'n bottel brannewyn te koop en di fannaant o'er te bring."

Op een of anner manier het hulle 'n bottel drank in hande gekry, en na di want éte stap di twé fort om dit weg te bring. Hulle fertel an Koos Vonk, dat hulle na hulle frinde 'n bitji wil gaan on daar te dans. Toen hulle by di tent agter di koppi ankóm, kom di ou nôi uit en sê: "O, dan is julle di twé fergalgste skelms, wat so goed kan steel? Is julle al weer hiir! julle het ni alleen di ou baas syn drank gesteel ni, mar ook myn hoener-y'ers."

"Mar, nôi, hoe kan ons dan nôi syn hoenner y'ers gesteel het?" fra Plattji.

"Hoe? Hoe? moet jy dit nog fra, hoe? sê my: hoekom het julle dan di ou baas syn drank gesteel? kom fertel? Di briif het julle in di hand gebring. Maak as di duiwel, dat julle hiir weg kom, of ek sal di honde agter julle sit, en julle an flenters laat skour. Wat staan julle no?" Sy gryp la 'n slaanling en di twé Hotnots spring weg en so o'er di werf, en loop dat di kol-kol stot agter hulle uits'aan.

"Wag, mar gé ons twé wit lakens, laat ons di Hotnots gaan ja, dat hul hulle fêlskoene ferloor," sê di twé seuns an hulle moeder. Di ou Baas sê: "ja loop."

Hulle gryp di wit lakens en loop 'n ompad en gaan di Hotnots by 'n grote bos foor-lê. Di maan was in syn eerste kwartiir en syn groue strale laat alles faal en droe'ig lyk. Hul hoor di Hotnots kom praatpraat an.

Plattji sê: "Mar hoor di on nôi is reg-reg kwai, sy het 'n stemmetji net soos—wat sal ek sê?"

"Soos 'n speen fark,' foeg Samu'el by.

"Ja, soos 'n speenfark, wat jy di keel fan afsny."

Haar tong gaan : ha-tit tit-te, ha-tit-tit te, jy kan gen mes tussen di woorde in steek ni."

"Plattji, loop haal di bottel, dan sit ons agter di bos, dan kan ons 'n oorknippi maak, en dan weer di kwai ou nôi syn gesondhyd drink."

Di twé gaan agter di bos sit, bottel in di hand ; met eens hoor hul ka-koer-tji-kirrr, 'n geweldige geraas agter hul. Hul kyk om en kyk fas in di gesigte fan di twé wit di ge. Hulle skrik, roep bo'entoe, smyt di bottel weg, en hul skeur di feld. Di twé wit dinge hol agter an, mar di Hotnots bère hulle lyf en raak skoon weg foor di twé wit goed. Di wit go d draai om en di Hotnots kom weer eers digte by di wa bymakaar, éwe uit asem en stukkend gefal.

"Mar, jong, dit het net smoor met ons gegaan," sê Samuël, reg uit asem, "daar is nou gen fel meer op myn hande en kni'e ni."

"En op myne dan ? myn gesig is ook flenters gefal. Wag oom sal siin, hoe di baas fannaant met ons lyf sal werk ! Hy sal sommar sê, ons het bakly ; want dit help ni om te sê di spoke het ons g'ja ni, hy glo mos ni in spoke ni."

"Dit belowe ek hom as hy fannaant by was, sal hy ook leelik uitgehang het" —sê ou Samuël daarop.

"Mar waar is ons brannewyn, oom Samel ?" fra Plattji

"Di het met alle haas by di bos agter gebly."

"Sal ons dit ni gaan haal ni, oom ?"

"Ekke ni, as jy wil, kan jy loop, mar ek laat net so liif di brannewyn daar staan, as om nou om te draai."

Hulle was daarom ni gerus ni, elke keer kyk hulle om of di spoke ni weer kom ni, en in 'n omsiintjiis tyd was hulle by di wa fan Koos Vonk. En nadat Koos Vonk gen bevredige nitleg fan hulle kon kry, waarom di Hotnots so fol bloed was ni, het hy di twé goed met di sambok deur gedraf, en hulle na kooi geja. Plattji was so bang, dat hy tussen ou Danster en Samuël ingekruip het. Elkekeer in syn slaap skrik hy wakker en skré ; want hy droom onophoudelik van spoke. Al dri het hulle koppe onner di kombêrse toe getrek en so het hulle di hêlé nag gelê.

Di dag daarop is hulle fertzek en toen hulle by di wa van Gert Buurman kom was daar nog mar min negosigood. Follene afspraak draai Gert Buurman hiir om met al di fé, terwyl Koos Vonk verder ingaan om di kruit, gewêre, doppies drank en tabak o'erkant Groot Riviir te ferruil of te ferkoop. Gert was enige da'e foor hulle daar, en het reeds 'n koopwan fer sy wa. Hulle pak toen al di goed op Koos syn wa, en Gert gaan toen te pèd agter di skape an, terwyl Koos Vonk, Adam Danster en plattji alleen met hulle wa langs Hartbees Riviir afgaan ; want Samuël is met Gert en di fé saam. Gert het toen di anner sê by Oorloks kloof gaan haal en daar op syn kar geklim, en is met di fé Booland toe.

Di Koosknoppi.

(Bekroonde Prysfrag).

II. MOEILIKHEDE.

"HAAI, kinders, mar julle het mos 'n pragtige blomtuin."

Dit was di woorde wat uit Betti Brink haar mond in di ore van l'ani klink, toen hy di anderdag morre uit di wingerd by di blomtuin ferby loop. Di mysiis was toen almal in di tuin, en hy draai toen ook so bi'tji daar an.

"Wel, Mr. Retief, dit lyk of jy ook blomme *like* want anders sou jy ni eens di moeite maak om hiir an te draai ni."

"Ja, Miss Joubert, mar ek *hou* daar ygenlik meer fan, as dat ek dit *like*. Mar ek hou ni net fan blomme ni, ook fan mense, en dus oek fa julle."

"Kyk hiir, ek is nou ni meer so danig skaam fer jou ni, mar ek kan daarom ni lekker met jou praat ni, daar is iits wat my nog hinder."

"Hoor nou daar," sê Betti Brink, "Ou Anni wil al weer ferstandig praat, mar nou is daar iits wat haar hinder, ek wonder wat dit is."

"Nou ja, jy kan ook hoor, mar ek praat daarom nou ygenlik met Mr. Retief saam."

"Mar wat is dit dan wat so danig fer jou hinder, Miss Joubert ? moet ek myn keel afsny, of moet ek daar di Sir' Bartle Frere' fer jou pluk, of wat wil jy dan ygenlik hê ?" fra Dani.

Anni lag so effentjiis, waardeur di ry melkwit, gelyke tande sigbaar werd, wat Dani nou fer di eerste maal eers siin, en haar kinderlike bevalligheyd was hom dubbel skoon, toen sy sê : "Wel, di laaste kan jy doen, mar di eerste asseblif tog ni. Dit is daarom ni ygenlik wat ek wil hê ni, wat ek wil hê is—dat jy ni meer ver my Miss Joubert moet sê ni, dan sal ek ver jou oek somar Dani sê. 'n Mens kan ni lekker praat as jy so di heeldag deur "Mr." en "Miss," langes makkaar moet in span ni."

"Nou dis net diselfde ding wat my oek gehinder het. Ek is dus baing bly dat jy di saak di wending gegê het ; want ek was skaam om daarmé uit te kom."

"A, nou ja, siin jy nou, julle sê altyd, 'n frou is so swak, mar 'n man is so moedig ; dog partykeers het 'n frou meer moed as 'n man."

"Ag, di ofuetsj den ken nou dat sy net 'n helde, daadgedoen het,"—sê Betti Retief, en wys laggend na Anni.

"Onkind, ek sê mos fer jou, dat Anni fer haar soms wonderlik dapper en moedig hou. As jy fer haar partykeers hoor praat, dan sal jy sê, dis wi weet watter reus ! Mar, Anni, jy moet daarom onthou, dat al di froumense ni so moedig is soos jy ni."

"Julle praat," sê Dani, "o'er di moed van 'n frou laat my denk an di woorde in ten Kate syn gedig o'er "De Schepping," waar di moed van di frou so mooi afgeskilder worde. Het jy di boek ooit gelees, Anni ?

“Né, ek is ygenlik 'n bitji onbekend met di werke fan Ten Kate. Mar hoe gaan di woorde dan waar-fan y praat?”

“Ek weet ni of ek di ou span nog so mooi agter makkaar ken ni, mar ek sal siin. Siin jy dis 'n paar regels o'er ‘De Mensch,’ en as ek my ni fergis ni, dan gaan dit so:—

“Somtyds echter, zy—de meerdere, sterker dan de trotsche Man,

Wien ze in geestkracht, trouw en gaven, menigmaal beschaamen kan.

Waar de Man van vreeze trilde, streed en overwon de Vrouw.

Slechts een moeder redt heur zuigeling uit den scherpen leuweklauw.

't Kind aan 't hart, tart zij de ijschots; vliegt zij door de vlammen heen.

Spraakeloos zich ten offer wijden, kan de Vrouw, de Vrouw alleen.”

“Né, as julle nou eers fan di ou Hollandse digters begin praat, dan word myn maag naar,” sê Betti Brink; “want hulle skrywe so hoog, dat geen sterfeling hulle kan ferstaan ni.”

“Jy druk jou glo ferkeerd uit, jy meen dat 'n sterfeling met 'n hedendaagse opfoeding, hulle ni wil ferstaan ni.”

“Ag nou ja, kom bog, wat, neem dit net soos jy wil,” sê Betti Brink. “Mar wat het jy fan effend gemeen met te sê: ek hou meer fan blomme as dat ek dit like?”

“Net wat ek gesê het, Betti! As ek 'n woord in myn moedertaal kan kry, waarom moet ek dan 'n freemde neem?”

“Dani, ek siin jy skimp nou op my,” foeg Anni in, “want, ek het di “freemde” woord gebruik. Mar jy siin ek kan dit ni help ni, ons is by di skool so gewoon an di Engelse woorde; en 'n mens kan oek ni altyd gou di Afrikaanse woorde kry ni—”

“En di Engelse is oek baing mooier,” foeg Dani so half spottig daarby.

“O né, jy moet ni denk dat ek fan di soort is wat myn moedertaal en nasionaliteit ferag of fer 'n kooksel lensis ferkoop ni. Mar ek kan dit werklik ni help ni.”

“'n Mens kan ni altyd ni, mar 'n mens moet,” sê Dani. “Ek sou met jou graag nog meer o'er di punt praat, mar ek het nou ni tyd ni; ek moet na di folk toe gaan.” En hy stap weg na di folk toe.

Anni staan fer enige minute doodstil na di roos, wat Dani gepluk en fer haar gegê het, en kyk; sy siin di roos egter ni raak ni; in plaas fan di roos, siin sy in haar gedagte di persoan wat dit gepluk het, en watter gedagtes haar toen ferful, fermeld ek hiir ni; dis ook ni nodig ni, di toekoms sal dit leer.

Sy werd egter uit haar soete dromery gewek deur Betti Retief wat ver haar sê:

“Anni, hoe staan jy dan so beteuteld, net soos een wat syn doofnonnis gekry het?”

Fer sy egter kan antwoord gé, sê Betti Brink:—

“Né, Betti, sy denk ni o'er haar doofnonnis ni, juis di teeno'ergestelde. Het jy ni opgemerk hoe lekker sy en I ani saam kan praat en saam stem ni? I it lijk fer my of hulle twé net gaaf by makkaar pas. Ek sê ver jou net een ding, jy sal siin, jy sal fer haar nog moet suster sê.”

Anni voel dat di bloed na haar gesig toe opstyg, en wil di gesprek net so kort maak as sy kan. Sy sê toen met so n g maakte o. ferskillighyd:—“Ag, Betti, skaam tog fer jou om so hard op my te wees; mag ek dan ni leens 'n jaar woorde met 'n jongman saam praat ni?” En sy stap na di ander end fan di tuin, terwyl sy maak of 'n paar blomme daar haar andag trek. Di regte rede fan haar wegstap was egter, om 'n end an di gesprek te maak.

Hulle gaan naderhand na di huis en, gedurende di dag gebeur daar ni weer iits wat di moeite werd was om hiir fermeld te worde ni. Ons word egter geroep om weer di aand notisi te neem fan di gesprek. By di aand-ete was Dani ni tee; woordig ni. Hy was na 'n buurman tegaan. Hy kom daarom kort na di éte tuis, en kry di mysis almal in di sit-kamer. Net soos hy inkom spring syn suster Maria op en sê:—“Boeti, waar kry jy daar di blomme? Dis wos berg-blomme?”

“Ek het dit hiir by Sanni hulle gekry; hulle was fan dag in di berg. Hiir di paar kom daar agter fan di waterfal f, en—”

“Dani is di waterfal hiir digteby?” fal Betti Brink hom in di rede.

“Ja, mar dis daarom 'n goeie paar uur loop.”

“Mar dan moet ois 'n slag sôen toe gaan, ek sal fresselik—hoe moet ek nou sê?—ag bog wat!—like om dit te siin,” sê Betti Brink.

“En ek oek.”—Kom fan di kant waar Anni sit.

Dit werd dan toen en daar besluit om Maandag te gaan kyk na di waterfal (dit was nou Vrydag).

Gedurende Saterdag en oek selfs Sondag het Dani en Anni hulle gesprek fort geset o'er taal, en nasionaliteit, en Dani was glad ferwonder om te siin hoe ferstandig Anni o'er di sake kan praat, en watter dype insig sy in di dinge, wat ygenlik by politiek tuis hoort, het; en by Anni, as sy siin hoe Dani met haar saamstem, hoe hy, 'n man, haar gelyk gé—iits of bter 'n genot—wat haar nog nooit te beurt gefal is ni, want te P—, waar sy woon, spot almal met “di taal,” en fan nasionaliteit het hulle heel wynig begrip, omdat hulle fer hulle daarmé ni feul moeg maak ni,—dan foel sy fer haar met 'n band fan nasionale gefoel an hom gebinde, en, hoe dit kom weet sy self ni, mar di woorde ‘dit lyk of julle net goed by makkaar pas;’ klink al harder en deurdrunder in haar oere.

Nou wel, toen hulle weer fer hulle kom kry, was dit Maandag morre, mar daar wag hulle 'n bittere teleurstelling. Maria was gedurende di nag regte siik geworde. Hulle maak toen plan om di lopyr mar uit te maak, mar toen Maria dit hoor, dring sy by hulle an, dat hulle tog ni om harentwil di ding moet uit maak ni; dat hulle mar moet gaan; dat sy di aand wel sou leter wees, ens. Ook Mnr. en Juffer Retief sê

al'twé dat dit gekhyd sou wees, om hulle plan uit te maak te meer daar hulle tog al'twé by di huis was om fer Maria op te pas, en hulle kon, met tuis te bly haar tog ni gesond maak ni. Anni present er toen dat sy fer geselskap by Maria sou bly, mar Maria, wat natuurl'k wiet hoe groot di opoffering fer Anni sou wees, wou daar in ni toe st in ni. En so sit di span toen af na di berg toe.

Soos dit met jong mense gaan—di siikte fan Maria was ni in staat om hulle plesier geheel en al te ferniitig ni, wat 'n mens goed kon hoor au di harte ike lag en praaf fan hulle. Dit was oek nog donker toen hulle fan huis gegaan het, en nou ous dit weet—word dit ons duidelik hoe dit gekom het dat Betti Brink di morre 'n slag, nadat hulle o'er 'n watersloot geloop het, ordentlik nat geweez het, ten minste di onderste gedeeltes fan haar klere.

Dani was tamelik swaar gelaai met kos, ens—want hulle sou di heeldag in di berg bly—, sodat hy teen di berg op ni di mysiis feul kon he p ni, wat gter oek ni noodig was ni, want dit was al dri flukse klimmers. Om 8 uur was hulle dan oek reeds by di waterfal; en dat di mysiis dit allerliifs gefinde het, is glo ouweliks nodig om te fertel. Di dag werd dan oek heel ferge-noegd deur gebring. Toen hulle klar had met middag eet en goed uit gerus was,—want in di friess berglug is 'n mens syn aptyt gewoonlik so goed dat hy 'n ekstra rus nodig het as jy klaar is met eet,—maak Dani di foorstel om hoger op te gaan na di twéde fal, fan daar dan na di plek waar 'n jonge buurman fan hulle foor enige maaude 'n ongeluk met 'n geweer gehad het, waarby hy syn léwe ingeskiit het, en fandaar dan huis toe. Di foorstel werd algemeen angeneem, en hulle begin ook dadelik met di nitfoering daarfan. By di twéde waterfal het hulle toen eers weer 'n bitji gerus en koek geëet,—en toengaan dit weer fort na di plek fan di ongeluk. Daar Dani een fan di eerste was wat by di jongman gekom het ni dat hy di ongeluk gekry het,—e, hom fan daar na huis gehelp dra het,—was hy met di héle toedrag fan sake mooi bekend, en dus instaat om alles fer di mysiis mooi uit te lê en te wys, en hulle nuws-girige en soms oek wel moeilike frage fan a tot z te beantwoorde. Toen hulle dan nou alles mooi gesiën en gehoor het, sou hulle ftertrek, mar daar siin Anni juis iits wat haar an lag trek.

“Watter wit goed is dit wat daar staan?” fra sy an Dani.

“Dis sewejaartjiis,” was syn antwoord.

“Mar Dani, dit kan ni wees ni,” sê syn suster, “want dis nog maar Oktober,—en di sewejaartjiis gaan mos mar eers met Nuwejaar ope.”

“Dis tog daarom so,” sê hy heel droogweg. “Dis ni altyd so laat ni, partykeers gaan dit froeger oop.”

“Ek wil daarom eers gou daarfan gaan pluk, sê” Anni, en stap oek somar weg.

“Anni, jy kan ni nou nog so'entoe gaan ni, dis te laat al; ons moet ons terugrys begin,” sê Betti Brink, op enigsins gebidende wyse.

“Ek sal tog gaan,” was di fasberade antwoord.

Dani meen dat dit nou plig word dat hy hom oek in di saak sal meng,—en sê: “jy kan ni so'entoe gaan ni, Anni,—want dis bing moeilik en gefaarlik om daar o'er di kliprant te kom.”

“Ek sal tog gaan,” herbaal sy, “want ek gaan ni huistoe sonder 'n bos sewejaart iis ni; en wat angaan dat dit so gefaarlik is,—daa' foor is julle ferniit bang; het julle dan nog ni gesiën hoe goed ek kan klim ni?”

“Ek het nou 'n ander plan, Anni. As jy graag fan di blomme wil hê, dan wag julle so lank hiir, en dan sal ek dit gaan pluk.”

“Baing danki, Dani, dis wonderlik goed fan jou; mar staan my nou toe met jon saam te gaan; ek sou so gauw daar kom, ek wil dit graag siin groei.” En dit sê Anni op so'n mooie kinderlike en smekenle wyse dat dit hom onmogelik was haar fersoeek te wyger.

En so sit di twé dan af, terwyl di twé Bettis fer hulle sit en wag.

“Ja, di Anni is 'n snaakse kind,” merk Betti Brink an. “As sy 'n ding wil doen, dan kry ge koning haar daarfan af ni.”

“Dis juis wat myn andag getrek het, dat sy so 'n faste wil by haar kinderlikhyd het.”

“Siin jy dit is juis wat maak dat sy altyd haar wil deurstet; want deur sy so kinderlik is,—kan sy 'n ding so mooi fra, en so anhou, dat nimand dit fer haar kan wyger ni.”

Toen hulle nog 'n goeis rukki gesit en praaf het, sê Betti Retief met ens: “Dani, waar is Anni?”—want Dani kom alleen an.

“Sy is nog agter.”

Mar syn suster, wat hom mar al te goed ken, siin dadelik dat di gesegde mar net was om hulle tefre te stel, en an syn gesig kou sy duidelik siin, dat di wêreld ni pluis was ni, waarop sy sê: “Dani, daar is iits gebeur met Anni, wat is dit, moet niks fer ons wegsteek ni, fertel alles, maak gou.”

Betti Brink, di siin dat Dani enigsins ferle'e was en ni gou 'n woord had ni,—spring op en fra: “Dani, sy is tog ni dood ni?”

“Ag ne, so erg is dit ni, sy het net bitji seer gekry, mar dis ni gefaarlik ni.”

“Wat makeer sy; hoe het sy seer gekry; waar is sy? Kom wys fer ons; kan ons by haar kom?” en nog 'n fyf-en-twintig dergelike frage werd deur di twe in een asem gefra.

“Dit is baing moeilik fer julle om daar te kom, mar julle sal daarom daarnatoe moet gaan, want sy het so seer gekry, dat ek haar ni bra kan help ni. Ek het haar daarom 'n endje nader gebring. Julle het mos 'n flesse brandewyn saam gebring—waar is dit? en het julle ni altemit touwetjiis hiir ni, want ons sal di been moet ferbinde.”

“Wat, haar been is tog ni af ni?” fra al'twégelyk.

“Wel, ek sou sê, ja.”

Hulle loop dan ook dadelik daarheen en kry haar doo'sbleek op 'n plekki groen gras in di koelte, waar Dani haar seer gesit het. Dit blyk toen dat sy, ni-

teenstaande di waarskuwing fan Dani, op 'n los klip gaan staan het, wat toen met haar omkantel, met di gefolg dat sy ongeveer 7 of 8 voet hoog fal, en, haar been breek.

Dani wat goed siin hoe 'aat dit was, skep dadelik 'n bitji water in di koppi wat hy s'am geneem het, gooi dan 'n bitji brandewyn in, en gé dit fer haar; en iits beters kon hy haar nooit gegé het ni.

"Waar het jy pyn; het jy baing pyn," en nog 'n heelboel fan di soort frage werd haar agtermakaar gedoen deur di twé frindiene.

Anni, wat ygenlik meer by haar posetiwe was as di ander twé, siin dat dit nodig was om hulle gerus te stel, glimlag so effe en sê: "Kinders, moet ni fer julle ontsele ni, dis niks bis anders ni, net myn been het bitji seer gekry."

"Ek sal bitji op sy gaan, dan kan julle kyk wat julle daaran kan doen; mar as ek fan enige hulp kan wees, roep dan mar fer my,"—dit fan di kant fan Dani.

"Dis ni nodig dat jy weggaan ni, Dani," sê Anni; mar hy loop tog daarom 'n entji opsy.

Toen di twé dan di been ge'eksamineer het, find hulle 'n klyn oop wond 'n entji o derkant di linker kni, waar hulle een fan hulle sakdoeke wat hulle nat gemaak het, om binde. Mar hulle siin goed dat daar 'n ander fout moet wees, want hoewel hulle niks kon siin ni, had sy tog geweldig pyn kort bo'ekant di kneukel. Hulle roep toen fer Dani, temeer daar Anni daarop andring en sê, dat sy alle fertrouwe in syn edelmoedighyd had, en ni so fréselik skaam fer hom was ni.

Dani kom, en dit neem hom n lank om te siin dat di been kort bokant di kneukel af was ni.

"Wel, Anni, dis fer ons almal treurig, mar dit help ni om dit fer makar weg te steek ni; ek sal jou mar reguit sê: jou been is af!"

"Ja, dis wat ek ferweg het, hoewel ek anders gehoop het. Ag, ek was oek te ongehoorsaam; ek moes fer jou geluister het om ni op di klip te klim ni. Ag, Dani, jy moet dit fer my fergéwe."

Di gefoel wat sig op di ogenblik fan Dani meester maak, is myn pen ni in staat hiir te beskrywe ni. Ni so seer om di uitgesproke woorde ni, mar omdat hy nou fer di eerste maal twé trane, helder as doudruppels, nit di twé ferhewe bloue oge, o'er di leli-blanke gelaat siin rol. Mar oek te hoor dat sy haar an hom onderwerp; tot hom opsiin as di een fer wi sy moet-luister; ja dat hy di een was tot wi sy opsiin soos Sara tot Abraham opgesiin het.

"Seker, Anni, as daar iits te fergéwe is, dan doen ek dit fan alle harte, mar daar is niks om te fergéwe ni, en moet nou ni meer daarfan praat ni, dit was 'n ongeluk, en gen een fan ons kan dit help ni."

Hulle maak toen plan wat om te maak, en al plan wat daar op aarde kan gemaak worde, was dat hulle moes siin om haar by di huis te kry.

Dani maak toen al di sakdoeke, lyntjiis en touwetjiis wat hy kon kry, bymakar; breek twe stukke hout

af, sny dit bitji plat en spalk di been so goed as hy kan.

Dani maak toen 'n voorstel, di enigste plan wat daar on ler omstandighede was: Hulle 3 moes same ver Anni 'n entji afbreng tot by di water, en daar moes di 2 mysiis by haar bly terwyl hy gou huistoe gaan om mense met 'n draagbaar te haal. Hulle stem daarin toe. Hij laat di botteltji brandewyn en di bitji koek wat hulle nog had, en fuurhoutjiis by hulle bly, sodat hulle kon fuur maak as dit begin donker te worde, en Dani loop toen so hard as hy kon huistoe.

Di tyd het fer di 3 wel 'n bitji lank gefal. Mar tog met 'n lekker fuur en wat koek en frugte het hulle di tyd omgemaak. Al'e'en hoe meer di been kond word, hoe pynliker word dit. Mar Anni hou haar styf en laat dit ni merk ni.

Naderhand hoor hulle praat, en ja, daar kom Dani an met 8 fan di bure en 3 jongens en 'n draagbaar, en dan nog een en ander tot lawing en fersterking. Natuurlik was di freugde fan weerskante baing groot en dadelik maak hulle anstalles om di terugrys te begin.

Dani was egter freselik moeg fan di haastig heen en weer loop, huistoe, en terug.

Hy drink iits en was spoedig weer in staat om langes di draagbaar te loop tot grote troos fer Anni; want dit was haar 'n grote smart dat Dani fer haar sofeel moes uitstaan. Dit gaan mar stadig in di donker, want di maan was mar half en gé dus mar 'n flouwe lig, dog di lig was tog sterk genoeg dat Dani 'n paar maal, as Anni na hom opkyk 'n heldere traau in haar oog kon siin, wat maak dat sy fer hom 'n hemelse skoonhyd kryg.

Om half 9 kom hulle dan yndelik tuis, waar reeds enige frinde wagende was, behalwe di dokter—Dr. Smuts—wat Mnr. Retief gaan haal het. Di dokter maak toen di been oop, bekyk en spalk dit. Toen hy klaar had sê hy:—"Wel, Miss Joubert, ek kan jou ferseker dat Dani—hy noem hom somar by syn naam, want hy ken fer Dani goed—jou been so goed gespalk het as 'n dokter dit mar ooit kon doen. Natuurlik hy het ni di nodige materiale gehad ni, mar dis minder, want di het ek nou bygesit. Jy is feel an hom ferskuldig, want was hy ni so byderhand ni, dan kon daar lig 'n ontsteking plaas gefinde hê, wat oorsaak kon gewees hê dat ek di been moes afgesit het. Mar nou is alles *allright*. Hou nou mar fer jou mooi stil, dan kan jy net nou een fan di dage weer 'n bitji wals."

Anni had egter hiirfoor ger ore ni, al haar andag was gefestig op hom wat fer haar so feel gedoen het, en of dit al was wat haar andag op hom gefestig het, sal ons wel later leer. Skaars was di dokter uitgepraat of sy sê:

"Dokter, ek wil hê jy moet nou na Dani gaan kyk, hy is fréselik moeg, ek wil hê jy moet hom iits gé om syn kragte op te wek."

"Arri, mar dit lyk my jy is meer besorg fer Dani as fer jou self?" sê di dokter.

"Mar dokter, jy sê mos myn been is ni gefaarlik ni,

en jy het my nou goed fersorry, dis dus ni meer as p'ig dat jy nou na hom oek omkyk; want ek wœt dat hy jou hulp oek nolig het."

"Nou dis goed; hou nou mar fer jou mooi stil, hoor; ek sal morre weer fer julle twé kom kyk, nou gaan ek na Dani toe. Goeie nag."

"Goeie nag, dokter."

Toen di dokter in di buitekamer by Dani kom, had Dani, hoewel hy amper te moeg was om te praat 'n heelboel-fra'e o'er Anni, hoe di been is; of dit gevaarlik is; of sy baing swak is, ens. ens.

"Né, kêrl, kyk hiir, jy moet nou glad ni so baing praat ni, jy is te moeg, jy moet nou iits eet en dan moet jy gaan slaap. Mar om jou gerus te stel sal ek jou daarom sê, dat daar glad gen gevaar is ni, en dat, as sy fer haar mooi stil hou, sy baing gou weer 'n katriil sal kan trap. Ek moet jou daarom 'n kompement maak; ek het nooit geweet dat jy 'n beenspalter fan beroep is ni! Waar het jy dit geleer?"

"Ag, dokter, moet nou ni sit en spot ni; as 'n mens in di nood is, dan moet jy 'n ding mar doen so goed as jy kan."

"Né, mar regtig, kêrl, sonder speuletjiis, jy het dit, met di slegte materiale wat jy gehad het, so goed gedoen as 'n dokter dit mar ooit sal doen."


Intussen het di dokter Dani syn pols gefoel, en hom 'n drankie aangemaak. Toen hy fer Dani di drankie gê en sê hoe hy dit moet inneem, sê Dani:

"Mar, dokter, ek is mos ni siik ni."

"Ja, mar gesond is jy daarom oek ni, jy het jou kragte te veel o'erys fandag, en dus moet jy iits inneem om jou weer reg te bring. En wat meer is, Anni het my gefra om jou iits te gê. Drink dit nou mar om haar te plesier." En terwyl hy dit sê siin hy dat Dani effen rooi worde. Nou we', it was dan ook net wat hy ferwag het, hy was nou seker dat daar iits was tussen di twe.

Dit is 'n maand nadat di ongeluk gebeur is. In di blomtuin staan twe persone, dit is omtrent half 8 in di morre, en dit neem ni lank om te siin dat di twe nimand anders is, as Anni en Dani ni. Dit het baing foorspoedig gegaan met di angroei fan Anni haar been, en sy was reeds in soferre hersteld, dat Mnr. Retief haar di dag na di skool sou gaan bring. Betti Brink was reeds voor omtrent 14 dage, toen di skool weer begin het, na skool gegaan, so oek Maria Retief. Hulle was baing jammer dat hulle ni na een skool kon gaan ni, mar daar help nou gen dokter an ni; elkeen moet haar koers gaan. Wat Anni en Dani di morre daar in di tuin gepraat het, word hiir ni fermeld ni, mar wat wel fermeld worde, is dat Anni di morre ygenlyk fer Dani reg reg bedank fer alles wat hy an haar gedoen het, terwyl Dani op syn beurt haar weer belet om dit te doen, seggende dat hy "gedaan had hetgeen hy schuldig was te doen." En ferder is daar woorde fan hulle lippe gefal wat gen een fan hulle later ooit fergeet het ni. Dit was dan ook di morre 'n soort fan afskyd daar in di tuin, want

Dani sou kort daarna op rys gaan, eers na Transvaal, en dan na Samesia, om di wêreld te eien en 'n bitji onderfinding op te doen. Foordat hulle uit di tuin gaan, pluk Anni 'n paar blommetjiis wat sy voor Dani syn bors steek, wat daar gebly het fer ferskye maande, toen het hy dit afgehaal en gebêre. Hy pluk oek 'n roos-knoppi, mar ni om voor haar bors te steek ni, mar om te bêre, en toen hy dit fer haar gê, foeg hy daar 'n paar woorde by wat fer haar nog dikwi's laat tranen stort het.



Rijke Mense.

'N BIIR KONING.

BASS.

DI studente fan Oxford het net soos byna alle studente 'n debatsfereniging, en in di fereniging is eenmaal di belangrike vraag behandel; of di ontdekking fan di boekdrukkuns of di ontdekking fan di bitterbiir fan Bass di nuttigste was fir di menselike geslag. Di saak word lank bespreek, mar met 'n o'ergrote meerderhyd fan stemme het di bitterbiir gewin. Natuurlik, dit was Engelse studente, e dit sê geno g.

Ons wil egter glad ni so fêr gaan ni, en di vraag ni doen ni; alleen wil ons opmerk, dat di biir-brouwery fer Engeland fan di grootste belang is, daar ni minder as 30,000 brouwers an di werk is.

Party Engelse sê: dat in Egypte al biir gemaak is, en dat di Jode in di woestyn daarom weer terug wou gaan. Dat daar 'n afgod was "Bassareus," genoem, en dat Bass regstreeks fan di afgod afstam, dat di rooie dri-hoek op di bottels yntlik di piramide is, ens.

Di pratjiis sal ons nou mar laat rus.

William Bass, di stigter fan di grote brouwery, was mar 'n eenfoudige karwyer, wat gebruik werd om di biir rond te ry. Toen hy so rond ry, denk hy dat dit fer hom baing beter sal betaal as hy self kan biir maak. Hy begin met 'n klyne affêretji, so dat hy twe fate op 'n dag kan aflewer. Hy maak toen kennis met 'n hotelhouer in di "Peacock" en daar leer hy 'n paar Russe ken, wat fer hom help om syn biir in Rusland kwyte te raak. In Engeland wou hulle syn biir ni hê ni. Di biir fan Abott en Hodgson was algemeen in gebruik en hulle ferdiin miljoene ponde. Di meeste biir het na Indi'e gegaan.

Bass was mar altyd op di uitkyk, om met mense fan Indi'e in anraking te kom. Eens kom daar 'n amptenaar uit Indi'e in di hotel en begin met Bass te praat. Di raai hom syn biir so te maak, dat dit ni op di rys bedêrwe ni. Bass prakseer en perbeer; di bitji geld wat hy gemaak het, het hy byna opgebruik, mar hy hou an, en op di end kom di Bass bitterbiir.

Sodra di biir in Indi'e ankom, het dit so mar opgang gemaak; mar in Engeland begin hy grote te'erstand te kry. Di ryle biir brouwers begin hom te druk. Hulle ferkoop hulle biir goedkoop en Bass het ni geld genoeg om di stryd fol te hou ni; mar 'n ongeluk was syn g' luk.

'N skip byna fol met fate fan syn biir op rys na Indi'e kom by Ierland op strand. Di grootste gedeelte fan di lading word gered, en moes ferkoop worde fer rekening fa di mense, wat di skip ferassureer het. Di biir word na Liverpool gebreng en daar op di fendusi geset.

Di hotelhou'ers koop di biir baing goedkoop, en so kom di biir in gebruik; en toen Bass nog syn kop sit te krap hoe hy sal denr k'm, kom di orders fan alle kante uit Liverpool, sodat hy net nou fer £50,000 per jaar daar ferkoop. Nou was hy 'n groot man.

In 1851 had hy in Londen magasynne waarin 90,000 fate was.

In Buston is di brouwery. Di brouwery is amper alleen 'n stad, 30,000 werkmense is dageliks besig. Di transportkos'e is alleen twé miljoen pond per jaar. Di aksyns byna 'n half miljoen. 60,000 karre en wagens is gedurig an di werk en di berekening is, dat daar omtrent 100 miljoen bottels biir in 'n jaar ferkoop wor'e.

Hoe ryk hy was toen hy dood gaan, weet ek ni; mar syn senn M. J. Bass het naderhand di brouwery an 'n maatskappij o'ergemaak. Di seun het syn geld nog al goed gebruik en fele nuttige inrigtings ondersteun. Hulle yntlike rykdom het ek ni te wete kan kom ni, mar dit is meer miljoene as ons ooit sal siin.

J. L. C.

Bladsye uit ons Geskidenis.

TOT NOG TOE ONBESKRYWE OF VERKEERD BESKRYWE.

DIS yntlik di folle titel fan di sketse uit ons geskidenis wat ons al gegé het en nog ferder sal gé. Ons wil nou gé enige taferéle of sketse uit President Kruger syn léwe, om syn ware persoonlikhyd te laat uitkom, en te laat siin waarom hy so'n invloed het by di Taanvaalse volk.

I'aul Kruger in di Burgeroorlog.

Di wat di Transvaal'se geskidenis wil ferstaan moet dit lees by di lig fan di 2 grote partye wat daar froeger bestaan het en wat gedeeltelik nog bestaan. President Kruger en Generaal Joubert ferteenwoordig teenwoordig nog diself'e partye of rigtinge wat froeger ontstaan is onder Potgieter en Pretorius, en wat genoem werd di Regeerings-party en di Volkslager-party.

Paul Kruger syn krag en betekenis bestaan vernamelijk daarin, dat hy met di Transvaalse Republiek same opgegroeit is. Syn volk ken ver hom, en hy ken syn volk. In al di worstelinge bij di worling van di jonge Republiek had hy 'n vername andeel, eers as gewone burger, toen as Veldkornet, later as Kommandant, verder as Generaal, nog later as Vice-President en lid van di Drimanskap en yndelik as President. So is hy met di Republiek same opgegroeit tot di hoogste trap waar hy nou staan.

Nou wil ons gen geskidenis van Transvaal beskrywe ni, oek ni 'n lewensgeskiedenis van Paul Kruger ni; mar met 'n paar taferéle uit syn léwe teken.

Dis di begin van Jannewari 1864. Pretorius was nou al enige tyd President van di Vrystaat. "Ni om syn persoon ni, mar om di volk" wou hy ni 'n president ver Transvaal laat kiis ni, mar laat hy 'n waarnemende president anstel, want syn hoofdoel was di 2 Republieke te verenig onder hom as President. Di Raad kiis Mnr van Rensburg as waarnemende President, mar daarmé was Pretorius syn vrinde ni tevrede ni, en op grond van sekere artikel in di Grondwet benoem hulle Generaal S. Schoeman, as oudste lid van di uitvoerende Raad, tot waarnemende president. Paul Kruger staan nou an di hoof van di van Rensburg party as Generaal en Schoeman self was generaal van di ander party.

Di burgeroorlog was al enige tyd an di gang. Om di beurt was Pretoria en Potchefstroom al, dan deur di een, dan deur di andere party beleger.

Dis di 4de Jannewari 1864. Net waar Kroko 'il-rifir di Magaliisberg deursny gaan 2 paale o'er di berg: an di oostekant Salka's-nek, en an di westekant Kommando-nek, alby historise name, waar vroeger di Kommando o'erg'trek he en Salkats ferslaan het. Net an di noordekant fan di berg kom di 2 boerekommando's nou by makkaar, ni om teen barbare ni, mar om teen makkaar te veg.

Kruger syn kommando was Kommando-nek o'erg'trek en agter di berg in lager. Schoeman syn kommando kom Salkatsnek o'er. Pretorius is op verlof afwesig fan di Vrystaat en self by Schoeman syn Kommando o. In volle krag toegerus trek di 2 partye toen toe makkaar op, om di beslissende slag te lewer. Di slagveld is net an di oostekant van di rifir. Daar is 'n ope vlakte wat effe skuins afloopt a di rifir toe. Omtrent in di middel van di vlakte staan 'n paar klipkoppiis.

Toen Kruger siin dat Schoeman opruk om hom an te val, trek hy oek dadelik op. Alby partye jang na di klipkoppiis toe. Wi di eerste di koppiis beryk, he di beste posisi, want di kon dan fan agter 'n natuurlike skans di andere party in di ope vlakte skiet.

Dit was 'n kritike o'enblik. Amper gelyk kom hulle by de koppiis. Mar Kruger syn party is 'n bitji vor. Toen hulle agter di koppiis uitkom, was Schoeman syn mense oek al amper teen di koppiis an. Kruger syn manne open vuur. Schoeman syn mense

merk dat hulle verlore is, want hulle is nou ope en bloot en so na, dat Kruger syn manne hulle almal sal plat skiiit. Hulle raak in di war, ruk hulle pèrde om, en begin te vlug. Toen kon Kruger syn manne hulle weg maai, want enige honderde trede moes hulle o'er di ope veld jaag.

Mar net soos Schoeman syn mense omspring, en Kruger syn mense van di kans begin gebruik maak en oek al enige van di teenparty dood geskiiit had, spring Kruger bo op 'n k'ip en skré hard, met syn forse stem: "Stop! Stop! Manne! Gen enkele skot meer ni!"

En so'n beheer had hy o'er syn manne, dat daar toen gen skot meer fal ni. Di slag was o'er en mar 16 man gefal, terwyl anders allig 'n paar honderd sou gefal wees. En waar anders 'n vreselike wrok en verdere bloedvergiting di gevolg sou gewees hê, kom hulle nou tot 'n wapenstilstand, en reeds op op 7 Jannewari 1864 word daar 'n vredestraktaat gesluit, 'n nuwe presidentsverklaring bepaal, wat tot gevolg had dat Pretorius tot president gekiis word, en di Republiek weer in vrede kon bloei.

Di een grootmoedige daad fan Kruger het syn volk gered van 'n wrede burgeroorlog en treurige vergiting van broederbloed.

Dis nou 12 jare gelede dat di skrywer hiirfan met di waardige fader Jakob Maré, toen lid fan di Uitvoerende Raad, op di plek was, en di het ver hom di plekke angewys en alles vertel. Mnr. Maré was destyds in di slag teenwoordig as veldkornet onder Kruger.

Kruger onder Lydelik Verset.

Dis 17 Fewerwari 1879. Transvaal is angeheg deur Engeland, en di volk is onder lydelik ferset. Kruger was al met 2 Deputasiis na Engeland met 'n smeekskrif van duisende, om di onafhankelikhed van di Republiek terug te vra, mar Engeland wil gen gehoor gé ni. Generaal Joubert was na Natal om Sir Bartle Frere te ontmoet met diselfde doel, mar oek vergeefs. Engeland was nou in oorlog met di Sulus en had al fluks klop gehad 'n paar male. Meer troepe was georder, mar di wat hiir was kon met di grootste moeite hulle posisi hou en enige dag kon di Sulus Natal instorm. Di toestand was kritiek.

In di ander kant was di geduld van di Transvalers al uitgeput. Sir Bartle Frere sou nou persoonlik na Transvaal kom om di voormanne van di volk te ontmoet. Dit sou plaas vinde an Klynfontyn, 36 myle van Pretoria af. Daartoe was di Volks-Komitê opgeroep. Di publiek werd ni tot 'n volksvergadering opgeroep ni, mar an hulle werd net kennis gegé, dat daar so'n samekoms sou wees.

Op 17 Fewerwari sou di Volkskomitê daar by Klynfontyn by makkaar kom, om te besluit wat hulle an Sir Bartle Frere sou voorstel. Mar toen di dag daar was, kom daar tussen 4000 en 5000 man op, ten volle gewapend. Di algemeene opini en praat was: "Nou moet ons di Engelsman skiiit. Dis nou ons tyd. Ons moet nou ons onafhankelikhed ys fan Sir Bartle Frere

en as hy wyger om hiir voor ons sodanige dokument te teken en na Engeland te stuur, dan neem ors hom gefarge en ferklaar dadelik di oorlog, en hys ons vlag."

Met di gesindhyd kom di volk op, en di Jouberts-party gaan hiirin voor. Pas was hulle bymakkaar of di grote tent word diselfde agtermiddag opgeslaan en di Volkskomitê vergader in di tent, terwyl di volk sig ferdring buite om di tent waar hulle alles kon hoor.

Kruger open di vergadering en vraag di gevoele van di lede. Amper almal is van di gesindhyd: "Nou moet ons di Engelsman skiiit! Nou of nooit! Di Sulus het di rojes nou so geklop, dat ons maklik same met hulle di Engelse kan in di sé ja, en Natal inneem, en dan vrede sluit en ons land terug ys." Kruger sé toen: "Né, ek bly nog by *lydelik verset*. Ons kan nooit met di barbaarse Sulus same veg teen di Engelse ni; want 1) di onwaardig ver ons om met di barbære same te veg, 2) di bloedschuld van ors eie mense leg nog op di Sulus, wat moet gewreek worde, 3) daardeur sal ons di simpati van di beskaafde wêreld verloor en 4) 'n grote troepemag is nou op pad en sodra hulle di Sulus ten onder gebring het, sal hulle di meteen gebruik om ons klyne mag te verpletter," ens.

Mar dit help ni. Daar was gen keer an ni. Di groete meerderhyd bly mar by di gevoele wat ons hiir bo beskrywe het. Toen Kruger siin dat hy ni vorder ni, verdaag hy di vergadering tot di vollende oggend.

Dit was 'n donkere aand. Daar val 'n fyne motreen. Almal is in hulle tente. Mar Kruger loop dood stil alleen deur di lager en luister af wat hulle oral in di tente praat. En plesirig was dit ni wat hy moes hoor ni. "Né, ons kan ons nou ni langer van Paul Kruger laat terug kon ni. Ons moet nou ons land kry, of di Engelsman skiiit. As Kruger dan ni wil ni, dan sit o s hom af, en ons kiis Mnr. Joubert ver ons oorman." En dit was nog ni di ergste ni. Andere sé selfs: "Ek sé ver julle Kruger verraai ver ons. Hy sal nooit laat ons di Engelsman skiiit ni, en as ons di Engelsman ni skiiit ni, dan kry ons nooit ons land terug ni." Andere gaan nog verder en sé: "Kruger het ons al van di begin af verraai. Kyk, toen hy en Jorisse di eerste keer in Engeland was, het hulle geld gevat van di Engelse Minister. Ons kan ni langer na hom luister ni. Hy is omgekoop van di Engelsman; hy verraai ver ons."

Kruger gaan terug na syn tent, mar slaap di nag ni. Di vollende morre gé hy orders, dat di grote tent van di Volkskomitê moet opgeslaan worde bo op di bult, enige honderde trede buiten di lager, en dat 'n burgermag tussen in moet geplaaas worde, om te sorg dat gen man naby di tent kom ni, as net di Volkskomitê.

Toen Kruger di vergadering geopen het, sé hy: "Manne broeders! Ek het nou gister ver julle myn insigte megedeel, en julle verskil van my. Nou het ek net een besluit. Op 'n pad waar ek gen lig siin ni, kan ek ni voor loop ni. Ek wil nog by lydelik verset bly, en julle wil nou dadelik julle land hê of di Engelsman skiiit. Nouwel, gaan nou an op di pad waarop

julle lig siin. Mar kiis nou ver Meneer Joubert of 'n ander voorman. En waar julle gaan, sal ek same gaan; en waar julle val, sal ek val. Mar voor loop kan ek ni op 'n pad waarop ek gen lig siin ni."

Daar was toen 'n dooïse stilte ver 'n lange tyd. Ni een spreek 'n woord ni. Ni een het 'n voorstel ni Naderhand sê hulle: "Né, ou President, vat dan mar di voortou op di pad waar jy lig siin." Toen stel Kruger ver hulle voor wat te do'n as Sir Bartle Frere kom, en syn raad is g volg.

In di kritike tydstop had Kruger weer syn volk gered van 'n verkeerd; stop wat hyllose g-volge kon gehad hê.

Kruger in di Worstelstryd.

Di slag van Langnek, op 23 Jannewari 1881, is verby. Di boere het di Engelse terug geslaan. Mar 'n 30 boere is gewond en 14 gesneuwel. Daar was 'n bitji verkeerde bestiiir an di boerekant, en grote ontevredenhyd was di gevolg.

Joubert was di Generaal op di Nek, Kruger en Pretorius, di 2 andere lede van di Drimanskap was met di Regering op Heidelberg. Toen Kruger van di ontevredenhyd hoor, ry hy so gou as molik was na di Nek toe. Hy besef dat verdeeldhyd hulle gewisse nederlaag sou wees, want di Engelse en "loyale"

(Engelsgesinde) in Transvaal sou stellig daarvan misbruik maak. Alleen eensgesindhyd kon di boere redde.

Mar di posisi was moeilik. Gé hy ver Generaal Joubert gelyk, dan word di ontevrede party nog meer verbitter, en gaan huistoe. Gé hy weer ver Generaal Joubert ongelyk, dan word hy en syn party kwaad, en di gevolge is nog erger.

Sodra hy an di Nek kom, gé hy gen tyd om ontevredenhyd te lug ni, mar roep dadek di krygsraad byeen, en éwe ernstig klim hy sonar op hulle almal af. "Julle kan oek ni ver Meneer Joubert *alleen* alles laat doen ni! Waar het julle gehoor 'n Generaal kan alleen 'n hele slag bestiiir. Julle moet ver julle 'n Veg-Generaal kiis, laat hy Meneer Joubert syn orders kan help uitvoer."

Elkeen siin in dat dit di regte ding is. Oom Nikolaas Smit word gekiis ver Veg-Generaal. Hy bestiiir di slage bij Ingogo en Amajuba. Di eensgesindhyd is herstel, en met Gods segen di o'erwinning behaal.

Kruger had al weer syn volk gered van verdeeldhyd en di treurige gevolge wat daaruit kon vortkom.

Voorgaande het skrywer hiirvan uit di mond van meer as een kommandant en veldkornet.

Pratjiis o'er di Natuur.

DI FORM FAN DI AARDE.

WAT is di form fan onse aardbol?

